

HOOFSTUK 6

MARAIS SE WETENSKAPLIKE PROSA OOR BOBBEJANE

6.1 Inleiding

Marais se geskrifte oor die bobbejane van die Waterberg is van ten minste net soveel belang as sy werk oor die termiete. Naas sy entomologiese navorsing het hy met sy navorsing oor bobbejane dus nóg 'n onderwerp grondig leer ken: die gedrag van die primate. Met hierdie navorsing het Marais hom gevoeg by talle ander twintigste-eeuse navorsers vir wie die studie van primate van besondere betekenis was, want sedert die negentiende eeu “such spokesmen as Huxley and Darwin firmly confronted the Western world with the extraordinary pertinence of the apes for understanding man’s own biological history” (DeVore, 1965: vii). Volgens Jane Goodall (1988: 6) het die Keniase antropoloog en paleontoloog L.S.B. Leakey haar in 1960 oorreed om met navorsing oor sjimpansees te begin, omdat “an understanding of chimpanzee behavior today might shed light on the behavior of our stone age ancestors”.

Veral gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu het 'n opvatting posgevat dat navorsing oor die gedrag van die primate lig kan werp op 'n groot deel van die mens se geskiedenis waarvan daar geen geskrewe geskiedenis of artefakte bestaan nie. Alison Jolly (1972: 2), wat in haar boek ook Marais se navorsing bespreek, som dit soos volg op:

All written history is the chronicle of a *nouveau riche*, abruptly risen to dictatorship of this planet – not what we are, but what we have made ourselves. Our earlier history, the part without writing or artifacts, can only be deduced from what we do and what our primate relatives do – the hieroglyphics of the chimpanzee’s whimper and the baby’s smile.

Sedert die sestigerjare van die twintigste eeu het die populêr-wetenskaplike

geskifte van Jane Goodall, Dian Fossey en Biruté F.M. Galdikas oor hulle jare lange studie van onderskeidelik die gedrag van sjimpansees, berggorillas en orangoetangs die publiek met nuwe oë na veral die groot primate laat kyk. Aldrie hierdie vroue was protégées van Leakey (kyk Montgomery, 1991) en het groot opofferings gemaak en baie geduld aan die dag gelê om hulle waarnemings te maak. Terselfdertyd was die etologie reeds betreklik goed as 'n wetenskaplike dissipline gevestig en ontvang Konrad Lorenz, Niko Tinbergen en Karl von Frisch in 1973 gesamentlik die Nobelprys vir Fisiologie en Medisyne vir hulle ontdekkings met betrekking tot “organization and elicitation of individual and social behaviour patterns” (Karolinska Institutet, 1973: 1).

Maar hoe pas Marais se geskifte oor die primate by hierdie geskiedenis van die etologie en die soeke na die oorsprong van die mens in? Wat is al oor hulle gesê? Hoe het Marais sy verhale oor wat hy van die bobbejane gesien, gelees en gehoor het vir ons vertel? Watter betekenis kan ons vandag aan sy geskifte heg? Watter waarde het hulle nog vir ons? En watter rol het Marais se literêre vaardighede in die totstandkoming van sy wetenskaplike geskifte gespeel? Dit is die soort vrae waarop ek hoop om in hierdie hoofstuk antwoorde te verstrek.

In die hoofstuk word pertinent aandag gegee aan Marais se *Burgers van die berge* (1938); die vier artikels in *Die Banier*, bylae tot *Die Brandwag* (in *Natuurkundige en wetenskaplike studies*, 1928a); die reeks artikels onder die titel “Die siel van die aap” (in *'n Paradys van weleer en ander geskifte*, 1965b) en *The soul of the ape* (1969). Die omstandighede waarin die tekste tot stand gekom het, die manier waarop Marais die navorsing gedoen het, die publikasiegeskiedenis van die tekste, die ontvangs van die publikasies en die wyse waarop die tekste aangebied word, sal ter sprake kom. Daarna sal die betekenis van die tekste na aanleiding van die voorafgaande bespreking bepaal en die hoofstuk met 'n samevatting afgesluit word.

6.2 Ontstaansomstandighede

Marais se geskifte oor die primate moet teen die agtergrond van 'n lang en

verwikkelde belangstelling by die mens in dié onderwerp gesien word: “The history of mankind’s fascination with the other members of the primate order is a rich and diverse record of achievement” (Maple, 1979: 29). Oor die talle vreemde verhoudings wat in die geskiedenis tussen die mens en die primate ontwikkel het (bv. as heilige diere in antieke Egipte), het Ramona en Desmond Morris ’n fassinerende boek gewy, naamlik *Men and apes* (1966). Daarin word ’n gebalanseerde oorsig gegee van die mens se wetenskaplike omgang met die primate, sodat die ware feite oor hulle bestaan naas dié in die mitologie, fiksie en fantasie beskou kan word.

Sedert die begin van die Weste se kennismaking met onbekende gebiede in Afrika, Asië en Suid-Amerika het reisigers belangstelling in die inheemse fauna in dié gebiede getoon.¹ Moeite is gedoen om voorbeelde van hierdie spesies na Europa terug te neem waar hulle deur wetenskaplikes bestudeer kon word. Oor hierdie aktiwiteite skryf Terry L. Maple (1979: 30) soos volg:

The monkeys and apes were particularly sought and were the objects of much discussion. Where possible, monkeys were brought back as pets or as objects of display in zoos and menageries. European anatomists were especially interested in the dissection of these animals for comparison to aspects of human structure.

Gebrekkige kennis en wanopvattinge was egter aan die orde van die dag, omdat min eerstehandse kennis bestaan het wat op waarnemings in die natuur gebaseer is. Daar sou vir ’n nuwe geslag wetenskaplikes gewag moes word om meer betroubare inligting oor die primate te bekom.

Hoewel heelwat belangstelling aanvanklik deur die anatomie van die primate gaande gemaak is, “the work of Darwin and other evolutionary theorists sparked an interest in the habits and ‘mental-life’ of these animals” (Maple, 1979: 33). Hierby het Marais se werk oor die primate aangesluit en het hy selfs ’n beduidende bydrae gelewer deur een van die eerste mense te word wat primate intensief in hulle natuurlike habitat bestudeer en daarvoor geskryf het.

Die meeste van Marais se navorsing oor bobbejane is tydens sy verblyf in die Waterberg onderneem, waar hy na alle waarskynlikheid al die waarnemings gemaak het waaroor hy later geskryf het. Hy het egter nie in sy geboorteland nie,

maar tydens sy studieverblyf van 1896 tot 1902 in Londen die eerste keer met primate kennis gemaak. Die twee soorte primate wat hy in dié wêreldstad bestudeer het, was ironies genoeg uit Afrika en Suid-Amerika afkomstig.

In *Burgers van die berge* maak Marais melding van 'n Suid-Amerikaanse marmoset en 'n sjimpanseetjie wat hy aangehou en goed leer ken het. Volgens Marais (1971: 54) was die marmoset “so klein dat sy maklik in my onderbaadjiesak kon pas. Sy was seker nie groter as ons gewone streepmuisie nie.” Volgens hierdie beskrywing was dit waarskynlik 'n dwergmarmoset (*Cebuella pygmaea*) van die reënwoorde langs die noord- en suid-oewer van die Bo-Amazone van Brasilië, Colombia, Ecuador, Peru en Noord-Bolivië (kyk Napier & Napier, 1985: 108) en nie die groter gewone marmoset (*Callithrix jacchus*) nie. Marais se beskrywing van die apie as die “kleinste aapsoort in die wêreld” (p. 54) stem ooreen met die stelling dat die dwergmarmoset “the smallest New World monkey” (Napier & Napier, 1985: 108) is. Volgens Michael Kavanagh (1983: 72) weeg die dwergmarmoset ongeveer 'n skrale 125 gram. Marais meld ook dat die marmoset graag met 'n poppie gespeel het. “Dit is die enigste van die ape wat, volgens my waarneming, die minste belangstelling in speelgoed of nagmaakte diere getoon het” (p. 54).²

Marais maak aanvanklik net terloops melding van die sjimpanseetjie. “Ek het eenmaal in Europa 'n sjimpansee-kleintjie grootgemaak [...]” (p. 27), skryf hy wanneer hy vertel van 'n eienaardige klein bobbejaantjie wat hy en sy reisgenoot, kommandant Jan Wessels, in die gebergte noord van die oog van die Palala in die Waterberg by 'n reisgeselskap gekry het. Later in *Burgers van die berge* skryf hy meer oor die sjimpansee (*Pan troglodytes*) en sê hy “kan maklik 'n boek met voorvalle saamstel” (p. 82). Volgens Adinda Eyssen (1951: 27) het Marais hierdie sjimpanseetjie by die Regent's Park-dieretuin in Londen gekry toe hy eendag daar “aankom en ontdek dat een van die klein sjimpanseetjies longontsteking het. Hy het die opsigter gevra of hy die diertjie mag saamneem huis toe om dit te versorg en verpleeg – Marais het ook 'n tyd lank in die medisyne gestudeer. – Hy vertel dat die diertjie net soos 'n kind kon huil en dat die mense hom gevra het van wanneer af hy dan 'n baba by hom in die kamer het.”

Marais (1971: 82–84) skryf verder hoe hy die sjimpanseetjie in die huis vrygelaat het wanneer hy self teenwoordig was. Spoedig het 'n noue band tussen die

sjimpanseetjie en die marmoset ontwikkel. Die sjimpanseetjie was boonop tot verskeie vaardighede in staat, byvoorbeeld om die toestel oop te maak wat die marmoset se kou gesluit het. Sy kon ook die marmoset se “kou van die plafon aan ’n ketting bokant die tafel, maar buite bereik van die sjimpansee” (p. 83) bykom deur die babastoeltjie waarop sy aan tafel gesit het en ’n beskuitkassie as hulpmiddels te gebruik:

Sy het eers die kissie op ’n gewone stoel langs die tafel gestoot. Toe het sy self op die tafel geklim en het die kissie tot by haar aan die hingsel opgetrek. Toe is die kissie met veel moeite op die boom van die babastoel gestoot en ’n minuut later was die marmoset op haar skouer!

Rousseau (1984c: 113)³ sien (weliswaar uit ’n agterna-perspektief) besondere betekenis in Marais se aanhou en bestudering van die sjimpanseetjie:

Teen die onwaarskynlike agtergrond van Londen sien ons hier in Marais se vriendskap met primate iets feitlik ewe rewolusionêrs as sy latere bobbejaan-studie. Want Marais hou die sjimpansee nie as troeteldier aan nie, maar letterlik soos ’n kind in die huis. Sally kry selfs ’n hoë babastoel waarop sy aan tafel sit.

Die bestudering van primate deur hulle in die huisgesin op te neem, sal eers ’n halwe eeu later aanvaarde praktyk word.

Rousseau lê dus ’n duidelike verband tussen Marais wat die sjimpanseetjie in sy huis opgeneem het en sommige latere gevalle van mense wat dieselfde gedoen en boeke oor hulle ervarings geskryf het. “Quite often people who do attempt to rear young apes write books about them” (Morris & Morris, 1966: 92). Voorbeelde hiervan is Cathy Hayes se *Ape in the house* (1952), Heinrich Oberjohann se *My friend the chimpanzee* (1957) en P. Barnard se *Monkey in the house* (1960). Die meeste etologiese studies van primate in die twintigste eeu is egter van primate in gevangenskap (kyk Erwin, Maple & Mitchell, 1979) en vrylopende primate in hulle natuurlike habitat (kyk DeVore, 1965) gedoen.

Vir Rousseau (1984c: 113) is hierdie ervarings in Londen “die werklike begin

van *Burgers van die berge* en *The soul of the ape*". Hy vervolg:

Ook in Lynnwood House het hy [d.w.s. Marais – JLM] waarskynlik al apies of bobbejane aangehou, of albei, maar nog nooit het hy 'n primate so intensief en van so naby bestudeer as vir Sally nie. Tussen die sjimpansee – die intelligentste van alle primate – en die marmoset kry hy reeds in Londen 'n insig in sowel die intellektuele vermoëns as beperkinge van die primate, begin begryp hy iets van hulle persoonlikheid, hul 'siel'.

Marais se navorsing oor die Kaapse bobbejaan (*Papio ursinus*) is deur sy verblyf van 1907 tot 1916 in die Waterberg (kyk 3.5) moontlik gemaak. Hy het aanvanklik op die plaas Doornhoek gaan bly met die oog daarop om tin en platina te prospekteer. Kort voor lank het Marais (1971: 18) egter sy ideaal verwesentlik om "bobbejane van naby te bestudeer". Uit die voorafgaande bespreking is dit egter duidelik dat hy met primate kennis gemaak het lank voor hy hom in die Waterberg gaan vestig het. Ná sy Londense verblyf was Marais in staat om sy nuwe ervaring intellektueel te verwerk. Dit wat hy van die primate leer ken het, het onmiddellik sy wetenskaplike belangstelling en nuuskierigheid geprikkel.

Marais se skryfwerk aan sy *magnum opus* oor die bobbejane, naamlik *The soul of the ape*, het waarskynlik begin terwyl hy byna 'n jaar lank op Boshof by sy broer Charles Marais gebly en geneeskundige behandeling vir sy morfiënverslawing ontvang het. Rousseau (1984c: 285) stel dit soos volg:

[H]ier op Boshof, in die jaar 1916, begin hy skryf aan die groot filosofiese werk wat hom wêreldberoemd moet maak. Hy het reeds 'n oorspronklike, uitdagend vrysinnige titel gevind: *The Soul of the Ape*.

Darwin het dit gehad oor fisiologiese ewolusie. Sy werk, gebaseer op sy bobbejaanstudies en proefnemings in hipnose, sal handel oor die ewolusie van die menslike siel.

Marais het ná sy verblyf in die Waterberg weer op die Springbokvlakte en as advokaat by die Pretoriase Balie voortgegaan om aan die manuskrip van *The soul of the ape* te werk (kyk Rousseau, 1984c: 293 en 300–302).⁴ Onder die titel van die

handgeskrewe manuskrip van *The soul of the ape*⁵ het Marais geskryf: “For the Smithsonian Institution, Washinton [sic – JLM] U.S.A.” Dit is dieselfde instansie wat in 1914 Marais (1972a: 16–33) se artikel, “Notes on some effects of extreme drought in Waterberg”, in hulle jaarverslag opgeneem het (kyk 7.4) en sodoende aan hom die eerste erkenning vir sy wetenskaplike werk besorg het. Marais se voorneme om vir die Smithsonian Institution oor bobbejane verslag te doen, beteken dat hy ’n duidelike voorneme gehad het om ’n wetenskaplike werk en wetenskaplike prosa te skryf.

Gedurende die 1920’s en 1930’s publiseer Marais ook drie artikelreekse in *Die Brandwag*, *Die Huisgenoot* en *Ons Vaderland* wat op sy waarnemings van bobbejane in die Waterberg en besinning oor hulle gedrag gebaseer is (kyk 6.4). Hierdie werk het voortgekom uit die publikasiegeleenthede wat verskillende koerante en tydskrifte aan hom gebied het en ’n mens kan aanneem dat die aard van dié populêr-wetenskaplike tekste van *The soul of the ape* verskil (kyk 6.6).

Die skryf van *The soul of the ape* moet vir Marais ’n belangrike projek gewees het. Sy doel was immers, soos reeds genoem, om dit vir die Smithsonian Institution vir publikasie te stuur. Ook die hoeveelheid tyd, gesprekke en korrespondensie wat hy daaraan gewy het, getuig daarvan dat hy met dié werk iets buitengewoons in gedagte gehad het. Hy het byvoorbeeld betreklik lank aan die eerste, handgeskrewe weergawe van die teks gewerk (1915–1919)⁶ en daar het meer as een weergawe van dele van die teks tot stand gekom.⁷ Nadat die manuskrip die eerste keer deur Marais se seun oorgetik is, het Marais nog sporadies tot in 1927 daaraan gewerk.⁸ Hiermee het Marais geïllustreer dat hy sy eie voorskrif, naamlik dat ’n skrywer aan sy gedigte moet werk (kyk 4.3), nie net op sy eie poësie van toepassing gemaak het nie,⁹ maar dieselfde eis ook aan sy wetenskaplike prosa gestel het. Ongelukkig het geen kopie van die weergawes waaraan Marais ná 1919 gewerk het behoue gebly nie.

As verdere bewys van die erns waarmee Marais die skryf van *The soul of the ape* bejeën het, kan die gesprekke genoem word wat hy oor die onderwerp gevoer het. Toe Marais in 1915 op Boshof aan *The soul of the ape* begin werk het, het hy sy broer, Charles Marais, se sekretaresse, Alida Saunders, ’n stimulerende gespreksgenoot gevind, wat, soos hy, onder meer in Darwin se werk geïnteresseerd

was. Sy het ook Marais se korrespondensie in verband met die beoogde projek met die Smithsonian Institution vir hom getik (kyk Rousseau, 1984c: 285). Terwyl Marais tussen 1917 en 1921 as advokaat in Pretoria gepraktiseer het, het hy ook graag oor die manuskrip gepraat. Volgens Rousseau (1984c: 315) het Marais die derde konsep van *The soul of the ape* “aan verskeie van sy kollegas by die Balie gegee om te lees, en dit met hulle bespreek”.

Dit is egter veral met sy seun wat Marais uitgebreide gesprekke en korrespondensie oor die projek gevoer het. “My pa het baie oor sy teorieë geargumenteer, later per brief,” het Eugène Marais jr. aan Rousseau (aangehaal in 1984c: 313) vertel. Op 21 November 1922 skryf Marais in ’n naskrif tot ’n brief aan sy seun: “The Baboon book (fourth & last reeus!) is now being typed by one of the girls in our office.”¹⁰ In die briewe wat Marais op 14, 18 en 23 Desember 1922 aan sy seun geskryf het, skryf hy breedvoerig oor Weismann se teorie. Op 14 Desember 1922 het Marais soos volg geskryf:

I have never believed in his views because, for one thing, his denial of the transmission of acquired characteristics is not true. Fox-terriers are born with beautifully amputated tails. I myself have seen three such litters.

In ’n brief van 10 Januarie 1923¹¹ doen Marais navraag oor drie bobbejaanskedels waarvan hy foto’s wou laat neem “to illustrate the chapter on recapitulation”. Marais het sy seun as ’n waardige gespreksgenoot oor sy werk oor die primate beskou en het op hoë vlak gesprekke met hom oor dié onderwerp en kwessies wat daaruit voortgespruit het gevoer, al het hulle nie altyd saamgestem nie. Waarom Eugène Marais jr. nie daarin kon slaag om die publikasie van *The soul of the ape* deur te voer nie, bly steeds ’n raaisel.

6.3 Navorsing

Volgens ’n brief wat Marais op 24 Maart 1926 (aangehaal in Du Toit, 1940: 173) aan Wilhelm Spilhaus geskryf het, het hy hom behoorlik voorberei om die gedrag van bobbejane te bestudeer: “I had prepared myself by a three year course in nervous

disease and abnormal psychology.” Die spesifieke doel was om die gedrag van bobbejane te bestudeer.

Maar wat wou hy uitvind? Marais was in 'n verskeidenheid vorme van gedrag by die bobbejane geïnteresseerd, wat nou aangesluit het by sekere belangstellings wat vroeg reeds by hom bestaan het. Dit sluit die rol van aangeleerde gedrag in oorlewing, die uitwerking van dwelmmiddels en die rol van pyn in die natuur in. Nuwe ervarings sou egter in 'n groot mate bepaal wat die lesers uiteindelik in Marais se geskrifte te lese sou kry.

Oor waar Marais (1938: 23) hierdie navorsing gaan doen het, skryf hy in *Burgers van die berge* soos volg:

Die heer Alec Austin – 'n Transvaler wat in die veld groot geword het – en skrywer het enige jare na die Tweede Vryheidsoorlog 'n permanente woning ingerig in die hooggeleë valleie tussen die dubbele gebergtes van die welbekende plaas Doornhoek in Waterberg, waar tin later ontdek en jare lank bewerk is.

In hierdie kloof met sy ryke verskeidenheid blomme, boomvarings en wildevyebome het Marais en Austin 'n trop bobbejane goed leer ken en byna al die waarnemings gedoen waaroor hy in *Burgers van die berge* (1938), die artikelreeks “Die siel van die aap” in 'n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) en *The soul of the ape* (1969) geskryf het. Die ruimte wat Marais vir sy navorsing uitgekies het,¹² was vir hom van besondere betekenis:

Die omgewing was 'n heerlike oord vir die doel wat ons beoog het en ek dink nie dat ek ooit in my lewe 'n gelukkiger tydperk deurleef het as die drie jaar wat ons in die gebergte van Doornhoek deurgebring het nie.

Volgens Marais het 'n trop van ongeveer driehonderd bobbejane in die kloof gewoon. Hulle “slaapplek was in die holte in die krans wat van voor deur die takke van een groot wildevy beskerm is” (p. 20). Marais en Austin kon “binne enkele maande” (p. 20) tussen die trop bobbejane deurloop. Die goedgesindheid van die trop kan daaraan toegeskryf word dat daar tydens die Anglo-Boereoorlog nie op hulle

geskiet is nie.

Marais maak die trop bobbejane aan hom en Austin gewoond deur die “uitstrooiing van mielies in die gras” (p. 20).¹³ Hy leer sodoende die bobbejane so goed ken dat hy “elke volwasse dier geken en met sy naam en getal in ’n lys aangeteken het” (p. 21). Marais en Austin het ook die trop “dikwels op hul daaglikse reise deur die berge gevolg en deur verstrooiing van mielies elke nou en dan het ons die gang so vertraag dat ons kon byhou” (p. 21). Marais kon uiteindelik vasstel dat hierdie trop deur ’n “Raad van Elf” geregeer word (pp. 85–99).

Marais het die betekenis van die hoeveelheid tyd wat hy aan die navorsing bestee het, terdeë besef:

Gedurende die drie jaar het ons geleentheid gehad om meer kennis van die natuurlike lewenswyse van die bobbejaan op te doen as enige ander ondersoeker voor ons tyd waarskynlik kans toe gehad het. Juis daarom waag ek dit om die interessantste verskynsels in hulle lewensgeskiedenis hier te beskryf (pp. 26–27).

Dat Marais die hoeveelheid tyd wat hy aan die bestudering van die bobbejane gewy het aandui, is betekenisvol. Met die hedendaagse perspektief sou ’n mens moontlik kon sê dat sekere “leemtes” in Marais se werk moontlik toegeskryf kan word aan die relatief min tyd wat hy aan die bestudering van die bobbejane bestee het. Hy kon byvoorbeeld nie meer as een generasie bobbejane bestudeer nie. In vergelyking met byvoorbeeld Goodall, Fossey en Galdikas wat in werklikheid hulle hele lewe aan die bestudering van primate gewy het, is Marais se drie jaar relatief min.¹⁴ Dit is wel so dat Marais se belangstelling in bobbejane nie afgeneem het nie, soos onder meer blyk uit sy gereelde besoeke aan die Pretoriase Dieretuin nadat hy die Waterberg verlaat het (kyk Rousseau, 1984c: 444).

Marais het sy eie waarnemings aangevul met mondelinge getuienis wat hy van ander mense gekry het én daaroor geskryf. Dit sluit “ou jagters” (p. 23), die “heer Linsley” (p. 27) en “die ou mnr. Willem van Staden (destyds van Donkerhoek) en mnr. Gys van Rooyen” (p. 72) in. In Marais se wetenskaplike werk speel anekdotes ’n opvallende rol, wat hom vergelykbaar maak met Darwin (kyk Maple, 1979: 33). Deur gebruik te maak van plaaslike kennis in die vorm van anekdotes,

het Marais 'n "metode" benut wat eers onlangs deur die voorstanders van die postnormale wetenskapsbeoefening aangemoedig sou word (kyk 2.4) en selfs vandag nog nie wyd aanvaar word nie.

Marais het sy navorsing oor die vrylopende bobbejane ook aangevul met gegewens van bobbejane wat hy in gevangenskap aangehou het, en het hom ook deeglik van hulle anatomie vergewis (pp. 32–33). Dit blyk dat hy oor wye kennis van ander primate beskik het (pp. 28–30), en dus in staat was om vergelykend te werk te gaan. Verder tree hy veral in die meer formele *The soul of the ape* in gesprek met Sigmund Freud se teorieë (in verband met die gedrag van die mens) en Henri Bergson.

In 5.3 is inligting verstrekkend oor die etologie wat ook op Marais se navorsing oor die bobbejane van toepassing is. Die metodes wat Marais gevolg het om bobbejane te bestudeer, is vandag nog steeds relevant, en is nie net van historiese betekenis nie. Dit blyk onder meer uit A.F. Richard (1994: 36) se opmerkings oor die bestudering van primate in hulle natuurlike omgewing:

Primates are studied in the wild by researchers from several disciplines, notably anthropology, psychology and biology. The objectives of primate field studies vary wildly. For instance, data from wild primates have been used to reconstruct the lifestyles of our ancestors, to shed light on 'human nature', to help explain how some tropical plants disperse their seeds or pollinate their flowers, and to help develop conservation plants for tropical forests. Diverse as the goals of these studies are, the methods used almost always have three features in common: observations are made over *long periods of time* on *individual identified animals* that have been *habituated to the presence of an observer*.

New techniques in field research have made possible studies in the relationship between primate behaviour and biology. In the early days, behaviour was simply described as it occurred. A notebook and pencil are still essential pieces of equipment, and the careful description of behaviour is as important now as it was 50 years ago. However, several ways of sampling behaviour systematically and quantitatively have been developed in the past 30 years. For example, with scan sampling the behaviour of several individuals is recorded at predetermined intervals; with focal sampling, the

behaviour of a single individual is recorded. (Sy beklemtoning.)

Die metodes wat Marais gevolg het om gedrag (waaronder dié van bobbejane) te bestudeer, sluit nou aan by die voorafgaande beskrywing. Maar meer selfs nog as dit: Marais het hierdie metodes beoefen meer as 80 jaar voordat Richard daaroor geskryf het, wat aan hom met sy belangstelling in die gedrag van 'n groot aantal spesies 'n uitsonderlike plek in die geskiedenis van die etologie besorg. Gelukkig was Marais 'n navorser wat ook geskryf en gepubliseer het.

6.4 Publikasiegeskiedenis

Die publikasiegeskiedenis van Marais se tekste oor die bobbejane gee 'n mens 'n goeie begrip van die manier waarop sy werk ontstaan en in watter omstandighede dit uiteindelik in verskillende vorme gepubliseer is. Hierdie geskiedenis gee bowendien 'n kykie in die lotgevalle van die werk van 'n skrywer wat eers sy artikels in 'n Afrikaanse tydskrif soos *Die Huisgenoot* gepubliseer, en later veral met die Engelse vertaling van *Burgers van die berge* en die Engelse *The soul of the ape* die internasionale mark betree het.

Marais se artikelreeks getiteld "Burgers van die berge" het van 26 Maart tot 4 Junie 1932 in *Ons/Die Vaderland* verskyn. Ná Marais se dood is hierdie tekste in 1938 deur J.L. van Schaik op inisiatief van prof. M.S.B. Kritzinger van die Universiteit van Pretoria onder die titel *Burgers van die berge* gepubliseer (kyk die "Voorwoord" in die 1971-uitgawe). Volgens alle aanduidings het Marais nie beoog om hierdie werk in boekvorm te laat verskyn nie, aangesien hy aan 'n omvangryker wetenskaplike teks gewerk het, wat hy as sy *magnum opus* beskou het. Dit is ook die strekking van die volgende ongetekende inligting voor in die bundel:

Hierdie verhale bevat ondervindings van wyle Eugène Marais onder bobbejane, wat, met ander materiaal, as basis vir 'n meer wetenskaplike werk oor *Die Siel van die Aap* gedien het.

Jare lank sou *Burgers van die berge* die enigste publikasie in boekvorm oor

Marais se waarnemings van die primate wees. Die Engelse vertaling van *Burgers van die berge* is deur Marais se seun self onderneem en sy naam as vertaler word net as “Eugène Marais” op die kolofonbladsy aangedui. *My friends the baboons* het talle uitgawes en herdrukke in sowel Brittanje, die Verenigde State van Amerika as Suid-Afrika beleef. Die Engelse uitgawe het ook as bronteks gedien vir die Duitse vertaling wat in 1939 verskyn het.¹⁵

Die meer wetenskaplike werk en *magnum opus* waaraan Marais gewerk het, was *The soul of the ape*. Marais het lank aan die boek gewerk (kyk 6.2), maar kon dit nie bevredigend na sy wens afrond nie. In 1921 het Marais dele van die manuskrip in Afrikaans vertaal en tussen September 1920 en Mei 1921 in die vorm van vier artikels in *Die Banier*, bylae tot *Die Brandwag*, gepubliseer. Hierdie artikels is in 1928 in *Natuurkundige en wetenskaplike studies* opgeneem. Daarbenewens het Marais se “Die siel van die aap” ook in ses afleverings tussen 3 Desember 1926 en 17 Augustus 1928 in *Die Huisgenoot* verskyn, en neem hy “as ’t ware formeel van die Engelse werk afskeid” (Rousseau, 1984a: 1291). Hierdie artikels is in 1965 in die vorm van vyf hoofstukke in ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte* opgeneem.

Marais se *The soul of the ape* is in 1969 die eerste keer gepubliseer – 44 jaar nadat Marais daaraan begin werk het (kyk 6.2). Die opvatting het egter lank bestaan dat die manuskrip van hierdie werk verlore is (kyk Nienaber-Luitingh, 1962: 68 en Antonissen, 1973: 93), sodat dit belangrik is om meer lig op die saak te probeer werp. Du Toit (1940: 186) het vier jaar na Marais se dood soos volg oor die bestaan van en werk aan die manuskrip geskryf:

Ongeveer twee jaar nadat Marais uit Waterberg teruggekeer het, is die manuskrip die eerste keer afgetik. Die skrywer het daarna egter ’n menigte wysiginge en uitbreidings aangebring, sodat dit ’n aantal jare later weer afgetik is. Onder die skrale nalatenskap van Marais kon egter geen spoor van die manuskrip gevind word nie, en skynbaar weet niemand wat daarvan geword het nie. Was dit nie dat verskeie vriende van Marais dit meer as eens in hande gehad het nie, sou mens aan die bestaan daarvan, in die verlede altans, kon getwyfel het.

Dit het later geblyk dat Marais se seun, Eugène Marais jr., wel ná sy vader se dood probeer het om in die buiteland 'n uitgewer vir die kopie van die manuskrip van *The soul of the ape* te kry wat hy in 1919 oorgetik het. Hy het dit ook aan die Londense uitgewer Methuen voorgelê, wat in 1937 vir die publikasie van Winifred de Kok se vertaling van *Die siel van die mier*, getiteld *The soul of the white ant*, en in 1938 vir die publikasie van *My friends the baboons* verantwoordelik was. In 'n brief uit 1959 skryf Marais jr. (1980: 34–35) soos volg:

Methuen acknowledged receipt of but are still sitting on the Soul of the Ape. I thought with this Darwin Centenary now being celebrated¹⁶ it would be a suitable time to publish such a work, but I'm optimistically prejudiced.

In 'n brief uit 1972 het Marais jr. (1980: 35) pertinent ontken dat die manuskrip van *The soul of the ape* ooit weg was en werp hy meer lig op die saak:

[T]he manuscript of the SOUL OF THE APE was never lost. The retyped manuscript was lost, but the original draft has always been in my possession and in an endeavour to get it published, had been submitted to a number of persons in England and America in past years, but no publisher would then accept it [...].

Die manuskrip van *The soul of the ape* is uiteindelik in 1969 deur die New Yorkse uitgewer Atheneum gepubliseer.¹⁷ Nadat die Amerikaanse skrywer Robert Ardrey¹⁸ in *African genesis* (1961) groot prominensie aan Marais se werk gegee het, het Ardrey voortgegaan en 'n 55 bladsy lange "Introduction" vir *The soul of the ape* geskryf, wat by sy eie uitgewer verskyn het. In Brittanje is die boek deur Anthony Blond en in Suid-Afrika deur Human & Rousseau uitgegee. Hierdie publikasie en Ardrey se betrokkenheid daarby het die belangstelling in Marais se werk 'n totaal ander karakter en nuwe dimensies gegee (kyk 6.5). Ardrey is een van die belangrikste latere kanoniseerders van Marais se wetenskaplike prosa, wat ook positiewe gevolge vir sy oeuvre in sy geheel gehad het.¹⁹

Marais se *Versamelde werke* het in 1984 onder redakteurskap van Leon Rousseau by J.L. van Schaik verskyn. Daarin is al Marais se geskrifte oor die

bobbejane wat in hierdie hoofstuk genoem is, opgeneem en van “Aantekeninge deur die redakteur” voorsien. In *Die beste van Eugène Marais*, “n visueel aantreklike, leesbare publikasie vir die gewone intelligente leser” (Rousseau, 1986: 191) wat in 1986 eweneens onder Rousseau se redakteurskap deur Rubicon gepubliseer is, verskyn sowel *Burgers van die berge* as die artikelreeks “Die siel van die aap” uit ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b). *Burgers van die berge* verskyn weliswaar in ’n verkorte weergawe.

Ná die publikasie van Ardrey se *African genesis* het die klem sterk op die wetenskaplike waarde van tekste soos *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* begin val. Nou het die publikasies self ook ’n ander aanbod en voorkoms begin kry, wat in ’n groot mate bevestig dat die aard en waarde van tekste nie noodwendig intrinsiek is nie. Dit word ewe seer bepaal deur die waarde wat verskillende hekwagters en die gemeenskap op ’n bepaalde tydstip in die geskiedenis daaraan toeken.

In 1990 verskyn ’n gesamentlike uitgawe van *The soul of the white ant and The soul of the ape* by Jonathan Ball, met ’n lang inleiding getiteld “Eugène Marais and the Darwin syndrome”, waarin Rousseau (1990) meer lig op Marais se wetenskaplike werk laat val. Die uitgawe bevat ook illustrasies deur die kunstenaar Dick Findlay. Findlay het wye bekendheid verwerf, veral vir sy tekeninge van diere, voëls en plante en landskapskilderye. Benewens sy talle illustrasies vir seëls van Suid-Afrika en die voormalige onafhanklike tuislande het hy ook die nuwe uitgawe van John D. Skinner en Reay H.E. Smithers se gesaghebbende *The mammals of the Southern Africa subregion* (1990) geïllustreer.²⁰ Deur die gebruik van illustrasies van ’n wetenskaplike kunstenaar in ’n uitgawe van Marais se wetenskaplike prosa word sy werk duidelik in die kader van die natuurwetenskappe geplaas waar illustrasies ’n belangrike verduidelikende funksie vervul. Slegs in uitsonderlike gevalle sal daar illustrasies as integrale deel van die teks in ’n bundel kortverhale of ’n roman verskyn.

Ook in 1990 verskyn ’n geannoteerde uitgawe van *The soul of the ape* by Penguin, met ’n uitgebreide inleiding deur die Suid-Afrikaanse primatoloog Peter Henzi.²¹ In die uitgawe ondersoek Henzi Marais se waarnemings en bevindings en onderwerp hulle aan ’n noukeurige ondersoek in die lig van moderne wetenskaplike

metodes en tegnieke op die gebied van dieregedrag (of etologie). Volgens Henzi (1990: ix) was die beweegrede vir die geannoteerde uitgawe “the realization that it deals with themes that have, under a slightly different guise, again become current in work on primate behaviour”.

Met verloop van tyd het ’n betekenisvolle verskuiwing plaasgevind in die wyse waarop Marais se werk oor die bobbbejane gepubliseer is. Aanvanklik is die klem oënskynlik nie so sterk op die wetenskaplikheid van die werk geplaas nie en word sy werk hoofsaaklik in koerante en populêre tydskrifte gepubliseer, maar veral sedert die publikasie van *The soul of the ape* is daar probeer om die wetenskaplike waarde en betekenis van die publikasies onder die leser se aandag te bring. Die erkenning van Marais se wetenskaplike bydrae het belangrik geword.

6.5 Ontvangs

Die eerste reaksie op Marais se “Die siel van die aap” (in *’n Paradys van weleer en ander geskrifte*, 1965b) wat tussen 3 Desember 1926 en 17 Augustus 1928 in *Die Huisgenoot* verskyn het, het van ’n digter gekom. Dié digter is A.G. Visser, met wie Marais op Heidelberg goed bevriend was (kyk 3.6). In die gedig wat op 16 Desember 1927 in *Die Huisgenoot* geplaas is, word daar na alle waarskynlikheid met Marais en sy ondersteuning van die Darwinisme die draak gesteek:

IN DIE DIERETUIN, PRETORIA

O wad some power the giftie gie us

To see ourselves as others see us.

ROBERT BURNS

Die sjimpansee in ysterkou

Sit sy beskouers te beskou.

En weerloos hoor die Hoër Aap

Die Laer Mensdom ginnegaap;

Verneem, terwyl sy oë vlam:

Die Mense en die Ape stam

'Van een oervader en oermoeder.'
'Ben ik,' skrik hy, 'mijn hoeders broeder?'
'Ek is gewoon aan plaag en terg.
'Maar wat te erg is, is te erg;
'Was ek in staat my te verdedig,
'So grof sou niemand my beledig!'

Ander persone het Marais se werk minder tong-in-die-kies benader en sommige het heftig van hom verskil. Hoewel Marais tydens sy leeftyd slegs artikels oor sy navorsing oor die bobbejane gepubliseer en dié tekste asook *The soul of the ape* eers ná sy dood in boekvorm uitgegee is, het hierdie geskrifte met verloop van tyd wye reaksie ontlok. Vervolgens word die ontvangs van Marais se werk oor die primate chronologies volgens hulle eerste publikasie in boekvorm bespreek.

Die eerste bespreking van *Burgers van die berge* (1971) uit 1938 van sowel 'n letterkundig as dierkundig ingeligte leser is dié van C.G.S. de Villiers²² in *Die Huisgenoot* (3.6.1938). Wat die letterkundige sy betref, beskou De Villiers die boek as "aangename ontspanningslektuur vir die gewone leser en bied interessante taferale uit die pioniersmilieu van die ou Transvaal". Hy het ook waardering vir die gedeelte van die boek wat oor die gedrag (of "lewensgewoontes") van bobbejane handel. Dit is "baie aangename leesstof en is met groot liefde geskryf". Voorts het De Villiers enkele punte van kritiek, waarvan veral drie hier ter sake is. Eerstens teen aspekte van Marais se taalgebruik, waaronder sy pogings om vakterminologie (of "vakuiddrukkings") soos "seleksie" te verafrikaans. Volgens hom is Marais se sinsbou ook hier en daar "bepaald Engels" en het hy probleme met die wyse waarop hy oor wetenskaplike onderwerpe skryf:

Marais het dikwels 'n baie intieme gemoedelike verteltrant; dit is net waar hy wetenskaplike waarnemings wil meedeel dat 'n mens duidelik voel dat hy nie gewoon is om hom oor 'n wetenskaplike vraagstuk in Afrikaans uit te druk nie.

Tweedens sê De Villiers "die boek wil blykbaar 'n ernstige bydrae tot die biologie van die bobbejane wees". Marais "begin sy betoog met allerhande teoretiese

beskouings oor die filogenie van Anthropeidea en meer bepaald oor menswording. Volgens sy hipotese sou bobbejane eintlik ontaarde, met die mens nogal naverwante diere wees. Die stelling berus op die ooreenstemming van die pasgebore bobbejaan met die toestand wat die anatoom as *hominiea* beskou.” Dié teorie is egter nie nuut nie en kontensieus. Die hipotese word onder meer “deur die paleontologiese gegewens weerspreek. Daar bestaan geen twyfel hoegenaamd nie dat die bobbejane en ape (Cercopithecidae) baie lank gelede van die mensaap-mens-stam moes afgesplits het.” Die leemte in Marais se benadering is daaraan toe te skryf dat hy waarskynlik nie vertrouwd was met “die moderne sienswyse aangaande die ewolusieleer nie, en niemand kan dit ook verwag nie. Maar in die lig van die geskrifte van Abel, Versluijs, Serra, Nopesa en ander kom Marais se stelling baie ouderwets voor, en hopelik sal hulle nie deur leke as gesaghebbend beskou word nie.”²³ Derdens is De Villiers van mening dat Marais ten spyte van sy teenkanting teen die antroposentriese dierepsigologie nie daarin slaag om dit self te ontkom nie. Die boek wys “baie duidelike spore daarvan; miskien hang dit met sy hipoteses, soos in die eerste deel van die boek uiteengesit, saam”.

’n Verdere bespreking van *Burgers van die berge* kort na die verskyning daarvan is dié van F.E.J. Malherbe (1938). Volgens Malherbe is die boek “geen volledige en afgeslote studie oor die siel van die bobbejaan nie; tog het dit alles ook weer die voordeel van gesellige causerie, met name en lewensbesonderhede van allerlei mense met wie hy in sy sonderlinge loopbaan en studie kennis gemaak het. Selde verloor sy styl hierdie intieme geselstrant soos van belangstellende vriende onder mekaar.” Die grootste deel van die bespreking bestaan egter uit “die een en ander uit die inhoud”. Malherbe kom tot die volgende slotsom:

Ja, met Eugène Marais gaan ons die ‘wydere wêreld’ binne tot die verruimende gevoel van verwantskap met die dierlike wêreld, waarsonder, in die woorde van Rebecca West, ons inderdaad ‘the loneliest of orphans’ is.

Malherbe het klaarblyklik nie beginselprobleme met Marais se siening oor die verwantskap tussen die mens en die bobbejaan nie. Oor die wetenskaplike waarde van *Burgers van die berge* gee hy egter “die woord aan prof. dr. C.G.S. de

Villiers” wie se resensie in *Die Huisgenoot* vroeër bespreek is. Hy haal die uitspraak aan dat Marais se sienswyse in verband met die evolusieleer “baie ouderwets” is, sonder enige verdere kommentaar. Malherbe het hom dus nie bevoeg geag om self ’n mening oor die wetenskaplike waarde van *Burgers van die berge* uit te spreek nie.

Oor *Burgers van die berge* het die drie Afrikaanse literatuurhistorici ook ’n een en ander geskryf. Antonissen (1973: 93) wys daarop dat dit Marais se doel was om uit sy ryk studiemateriaal ’n teorie op te stel en te verdedig, naamlik dat die bobbejane ’n persoonlikheid besit en in geordende gemeenskappe leef wat deur ’n Raad van Elf geregeer word. “Daardie teorie en ’n massa wetenswaardighede oor plante en diere word, in die helder styl van ’n smaakvolle causeur, verbind tot ’n amper romantiese geskiedenis, verwewing van waarheid en verdigsel,” aldus Antonissen. Volgens G. Dekker (1974: 122) is die werk “boeiend en beeldend geskrywe. Deur die liefdevolle aandag waarmee die diere bestudeer is, die indringing in hulle ‘gemoedslewe’, die ‘menslikheid’ wat Marais in hulle ontdek, styg dit uit bo gewone lektuur oor die dierelewe. Wetenskaplik is die skrywer se teorieë blykbaar nogal aanvegbaar.” Kannemeyer (1984: 233) se uitsprake sluit by dié van Antonissen aan.

Twee besprekings wat lank na die eerste publikasie van *Burgers van die berge* verskyn het, naamlik dié van W.S.H. du Randt en S. Zuckerman, is van groot belang vir enige gesprek oor Marais se wetenskaplike prosa. Du Randt (1969) gaan naamlik in sy bespreking die strategieë van die verteller na en ontken in werklikheid die wetenskaplikheid van die teks. Hy kom tot die slotsom dat die werk hom onderskei “van die populêr-wetenskaplike sketse deur die artistieke ordening, die ‘verwikkelings- en ontwikkelingstruktuur’, waardeur dit tot ‘skoonheidsgestalte’ herskep is” (p. 11; sy beklemtoning). Aangesien Du Randt se sienings oor *Burgers van die berge* weer in 6.6 ter sprake kom, word hier nie verder daaraan aandag gegee nie.

Zuckerman (1983: 458–470), ’n wêreldbekende primatoloog, se bespreking van die Engelse vertaling van *Burgers van die berge*, naamlik *My friends the baboons*, het die eerste keer in *The Times Literary Supplement* (16.1.1976) verskyn na aanleiding van ’n heruitgawe van die boek wat in 1975 deur Anthony Blond in Londen gepubliseer is. In sy bespreking kruis Zuckerman behoorlik swaarde met

Marais,²⁴ al was die werklike rede daarvoor waarskynlik 'n gegriefdheid oor opmerkings wat Ardrey oor hom in sy besprekings van Marais se bydrae as wetenskaplike in *African genesis* (1962) en in sy "Introduction" tot Marais se *The soul of the ape* (1969) gemaak het. Marais het in werklikheid "in die kruisvuur beland" (Mieny, 1988: 15).

Zuckerman skep in sy beskouing die indruk dat hy moeite gedoen het vir die skryf van die bespreking. Dit blyk onder meer uit wat hy oor Marais se lewe en werk skryf. Aan die hand van Rousseau (1984c)²⁵ se *Die groot verlanse* gee Zuckerman 'n oorsig van Marais se lewe en werk, en bevind onder meer na aanleiding van sy verblyf in Londen "negative facts of Marais's biological education" (p. 460). Zuckerman wys voorts op tekortkominge in *My friends the baboons* ten opsigte van "the basic facts to which a field-study of animal social life should address itself; for example, the number of family parties into which the three hundred animals in the troop were divided; the sex-ratio of adults and of young; and the seasonal incidence of births" (p. 462); bevraagteken die moontlikheid van die operasies wat Marais beweer hy op die breine van bobbejane en klein soogdiere uitgevoer het (pp. 462–463); en verskaf 'n lys van agt bewerings oor primate waarvoor daar "no shred of evidence in Marais's day, any more than there is now" (p. 463) sou wees.²⁶

Zuckerman weêrlê in sy bespreking ook aansprake wat Marais in verband met sy samewerking met die Smithsonian Institution in Washington DC en die skryf van 'n wetenskaplike monografie sou gemaak het. Die waarde van Marais se werk as wetenskaplike vat Zuckerman soos volg saam:

The fact is that while Marais may have read many general books on biology and psychology, he had no understanding of what science is. As a zoologist he was all but ignorant. Yet he seems to have been obsessed as much by a belief that he could always understand biological phenomena which were either hidden from or had been misinterpreted by everyone else, as by a belief that his thoughts could be stolen. The fact that no zoologist ever bothered to steal them – given that this kind of 'theft' is the habit of any zoologist – is because nothing Marais ever said about scientific matters was worth stealing.

Volgens Zuckerman het Marais gelewe "on the borders of fantasy, twisting or

inventing observation, and, whether deliberately or not, usually diverting attention from what was real” (p. 467). Na aanleiding van die lesing by die Universiteit van Kaapstad waarin Zuckerman Marais as ’n voorbeeld van ’n pseudowetenskaplike behandel het, het *The Cape Times* (26.9.1975) sy hoofartikel met die volgende vraag afgesluit: “Is scientific genius confined only to the scientifically trained?” Hierop antwoord Zuckerman soos volg:

The answer [...] happens to be ‘yes’, and almost a tautological ‘yes’. Anyone responsible for a critical leap forward in scientific understanding would by definition be both scientifically informed and scientifically trained. The very question is an illustration of the confusion which pseudo-science has generated about the nature of true science (p. 470).

Maar waarom word Marais dan in Suid-Afrika vereer en was daar soveel reaksie op die kritiek wat Zuckerman hom die vorige jaar met sy lesing op die hals gehaal het? Uit die volgende opmerking blyk dit dat Zuckerman ’n verklaring daarvoor in die Taalfeesjaar 1975 gaan soek het, wat waarskynlik nog vars in die geheue moes gewees het:

The year 1975 was celebrated as the centenary of Afrikaans as a written language, and Marais is so revered a figure that any criticism directed at him in the land of his birth would cause a public uproar. He has become an Afrikaner idol, and it is ‘bad form’ in South Africa to point out that by proclaiming him a scientist he has been unnecessarily furnished with feet of clay (pp. 468–469).

Die resepsie van *Burgers van die berge* illustreer goed dat letterkundiges en wetenskaplikes Marais tot dusver verskillend gelees het. Vir De Villiers is dit byvoorbeeld belangrik om die geloofwaardigheid en sukses van die teks aan die gebruik van die vakterminologie, die geldigheid van die skrywer se teoretiese beskouings en sy wetenskaplike benadering te meet. Met sy sintuig vir die literatuur het De Villiers nietemin waardering vir die kontreivoorstelling (die “interessante taferele uit die pioniersmilieu van die ou Transvaal”) en die “boeiende

leesstof' wat die beskrywing van die bobbejane se gedrag bied. Hierby sluit Malherbe met sy waardering vir die "lewende verhaal" en die "intieme geselstrant" van die skrywer aan. In die Afrikaanse literatuurgeskiedenis is min oor *Burgers van die berge* geskryf, hoewel die literêre waarde daarvan erken word. In sy artikel ontken Du Randt die wetenskaplikheid van die teks op grond van sy onsekerheid of dit wat Marais skryf waar kan wees ten gunste van die beklemtoning van die literariteit daarvan, terwyl Zuckerman se ideologiese en bevooroordeelde onderrok in sy bevraagtekening van Marais as wetenskaplike duidelik uitsteek. Terselfdertyd illustreer die modernis Zuckerman, in die waan dat hy die hoeder van die waarheid en die wetenskap is, dat waardeevrye wetenskapsbeoefening 'n mite is, al sou daar waarheid steek in die kritiek wat hy op sekere van Marais se bewerings in verband met primare het.

In resensies van *'n Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) kry die vyf hoofstukke onder die titel "Die siel van die aap" wat oorspronklik in *Die Huisgenoot* verskyn het pertinent aandag. Al die besprekings van die bundel is deur letterkundiges gedoen en drie uit die vyf van hulle het ook na die reeks verwys. Vir P.G. du Plessis (*Sondagstem*, 16.5.1965) is dit juis die eerste deel van die bundel, naamlik "Die siel van die aap", wat lesers behoort te interesseer. Volgens Du Plessis is "baie van die dinge wat verkondig word vandag seker nie meer wetenskaplik aanvaarbaar nie". Die lees van die reeks was nietemin vir hom 'n openbaring:

Marais bly nog die man wat met die uiterste skerpsinnigheid onverskrokke kan voortdink sonder om selfs die moontlike versogte [sic – JLM] te vermy. Iemand wat só dink kan nie anders om ook oorspronklik te wees nie. En selfs as die opstelle dan nie altyd die waarheid in die enigste sin van die woord verkondig nie, dan is dit nog 'n voorbeeld van 'n skerpsinnige gees se omgang met waarnemings uit die werklikheid.

Marais het – ek kan nie anders om die waarde van dié deel van sy werk anders te sien nie – so 'n bewonderende liefde vir die natuurdinge (én die verklarings van natuurverskynsels) dat hy die leser meesleep. As sommige van die dinge wat hy sê dan nie waar is nie, dan het dit nog altyd leeswaarde – ook om die fassinerende idees wat Marais durf verkondig.

W.E.G.L[ouw] (*Die Burger*, 21.5.1965) wys daarop dat dit nie net Marais se intieme kennis van diere en hulle gewoontes is wat 'n mens opval nie, maar ook "sy uiters skerpsinnige redeneer- en afleidingsvermoë". Louw sê egter dat hy nie kan oordeel of wat in die essays staan steeds deur kenners as volkome "wetenskaplik verantwoord" beskou sal word nie. Vir hom is die essays wel "boeiende leesstof". S. Strydom (*Hoofstad*, 1966) verwys in sy bespreking na die "verhandeling", *The soul of the ape*. Die fragment uit dié werk in 'n *Paradys van weleer* gee vir hom soveel getuienis van "helderheid, oortuiging en talent dat die verdwene stuk moontlik die kroon sou span op hierdie faset van Marais se kennis".

Du Plessis, Louw en Strydom het al drie waardering vir "Die siel van die aap". Die waardering is hoofsaaklik vir die wyse waarop die tekste geskryf is, die boeiende idees en die genot om dit te lees. Soos letterkundige resensente van Marais se ander wetenskaplike prosa vermeld Du Plessis en Louw pertinent dat hulle nie in staat is om oor die wetenskaplike inhoud te oordeel nie.

Robert Ardrey (1977: 70), wat in 1961 sy *African genesis* opgedra het "To the memory of Eugène Marais", het gloeiend oor Marais se bydrae tot die etologie geskryf en hom hoë lof toegeswaai:

As no gallery of modern art can fail to be haunted by the burning eyes of Vincent van Gogh, so the pages of no future science can fail to be haunted by the brooding, solitary less definable presence of Eugène Marais. His was the first human mind to penetrate the secrets of the wonderful world of the animal, and to apprehend the legitimate mysteries of the wonderful world of man.

In sy "Introduction" tot die 1969-publikasie van *The soul of the ape* het Ardrey baie moeite gedoen om sowel Marais as hierdie lank verlore teks aan die wêreld bekend te stel. Ardrey (1974) verstrek redes waarom Marais ten spyte van sy Engelse opvoeding hoofsaaklik in Afrikaans geskryf het, asook die kulturele agtergrond waarteen sy werk gelees behoort te word. Oor *The soul of the ape* skryf hy: "Ours is the good fortune that he wrote his last, unfinished masterpiece, *The soul of the ape*, in his own easy English" (p. 8).

Volgens Ardrey was Marais "the first man in the history of science to conduct

a prolonged study of one of man's primate relatives in a state of nature. But we must not overstress his then role as a scientist. He was a novice" (p. 9). Marais het nie opleiding gehad nie en sy waarneming van diere was ongesofistikeerd. Is dit dan moontlik, vra Ardrey, dat "a document almost half a century old can today make a dynamic and original contribution to the evolutionary approach to human understanding, a scientific trend that has thrived only for the past few years?" Deur na die werk van ander wetenskaplikes te verwys, toon Ardrey aan dat Marais se bydrae uniek is deurdadig dat hy sy waarnemings in die natuur gemaak het. In teenstelling hiermee sê hy die volgende van sir Solly Zuckerman se *Baboons* wat in 1932 verskyn het: "The book was a thorough, convincing study of the behaviour of baboons. But the baboons were in the London Zoo."²⁷ Oor die waarde wat *The soul of the ape* volgens hom vir Marais gehad het, gaan Ardrey in sy bespreking selfs sover om Marais se agteruitgang en uiteindelijke selfmoord te wyl aan die teleurstelling oor Maeterlinck se plagiaat (p. 15) en die onvermoë om *The soul the ape* te voltooi (pp. 35–36).²⁸

C.F.B. Hofmeyr (1970: 150) wys op Marais se oorspronklikheid en dat hy met sy etologiese studie sy tyd ver vooruit was, aangesien dit eers in die dertigerjare met die werk van Konrad Lorenz begin het. Marais se "vlymskerpe waarnemingsvermoë en geniale brein" het hom ver voor sy tydgenote geplaas. Hofmeyr bevind selfs dat Desmond Morris se *The naked ape* (1967) "in sekere opsigte veel aan Eugène Marais se werk herinner". Volgens Hofmeyr sal daar wel meningsverskil oor die aanvaarbaarheid van Marais se hipoteses wees. "Sy skerpsinnigheid in die ontwikkeling van sy tema sowel as sy literêre talent dwing egter bewondering af," bevind Hofmeyr ten slotte.

Na die heruitgawe van *The soul of the ape* deur Penguin in 1984 het daar 'n aantal besprekings van die werk in die Engelse pers verskyn. René Matthew, Dennis Hands en Rob McCallum (*Financial Mail*, 21.9.1984) beskou die heruitgawe as "doubtless a testimony both to the enjoyment they have afforded their readers and to the historical significance of the writings in the fields of biology and psychology". Marais se gevolgtrekkings staan egter in die skadu van die Darwinisme van die tweede helfte van die negentiende eeu, en aangesien baie van die aannames uit hierdie era tans bevraagteken word, het *The soul of*

the ape “relevance chiefly as an historical, rather than a scientific document”. Volgens SH (*The Sunday Times*, 18.11.1984) is die werk “unlike many scientific studies [...] quite readable – probably because Marais always wrote like a poet, even when writing letters of academic manuscripts”. TWMT (*The Citizen*, 5.11.1984) bevind dat Marais se “genius was that he developed the bases for those who came afterwards” met sy navorsing oor die bobbejaanfamilie. *The soul of the ape* is “scientifically important”, aldus SH.

Daar kan min twyfel daaroor bestaan dat Robert Ardrey 'n groot rol gespeel het in die belangstelling wat daar vir Marais se werk veral sedert die 1960's gekom het. Ardrey was 'n gesiene wetenskaplike en het met sy populariserings van die wetenskap wêreldwyd baie respek afgedwing. In 'n era waarin Suid-Afrika en veral Afrikaners toenemend politieke en kulturele afsondering begin ervaar het as gevolg van die beleid van apartheid wat die Nasionale Party sedert 1948 begin deurvoer het en veranderde sienings in verband met menseregte in die res van die wêreld sedert die Tweede Wêreldoorlog, was Ardrey se lof vir Marais 'n groot eer vir 'n Suid-Afrikaanse en spesifiek 'n Afrikaanse skrywer. Na die buitelandse woord wat Ardrey oor Marais gespreek het, is Marais ook vir die eerste keer werklik as wetenskaplike deur Suid-Afrikaners ernstig opgeneem.

Na Ardrey se kanonisering van Marais het 'n hele aantal Suid-Afrikaanse wetenskaplikes hulle toenemend positief oor die waarde van Marais se werk uitgespreek.²⁹ Rondom die honderdste herdenking van Marais se geboortejaar is publikasies geïnisieer waarin akademici vanuit verskillende dissiplines waarderend oor hom geskryf het. 'n Spesiale nommer van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is in Desember 1972 – 'n jaar ná die herdenking van Marais se geboorte – gepubliseer, met sommige van die beste artikels wat tot in daardie stadium oor Marais se werk geskryf is. P.A.J. Ryke (1972) gee in sy artikel in die tydskrif 'n oorsig van Marais se bydrae as natuurkenner en -navorsers.

In die lig van die toenemende herkenning van die belang van die etologie gedurende die 1960's en 1970's het daar bydraes verskyn wat spesifiek die aandag hierop in Marais se werk gevestig het. 'n Voorbeeld hiervan is die etoloog O. Anne E. Rasa (1989) se waarderende artikel oor Marais se etologiese bydrae waarin sy tot die volgende gevolgtrekking kom:

Firstly, he was definitely a pioneer in his approach to the understanding of animal behaviour, a pioneer, however, heavily influenced by the mode of thinking of his times and cut off by distance and isolation from the progress being made in his field [...].

Secondly, he was an acute observer. His description of the behaviour patterns he saw amongst the baboons during his three-year sojourn in the Waterberg are so detailed and accurate that they can easily be recognised and interpreted in the light of modern sociobiological curiosity. His role in the history of the behavioural sciences however, was overshadowed by tragedy. His name is not listed amongst the 'greats' of Ethology, although it certainly deserves to be [...].

'n Verdere bevestiging vir die waarde van Marais se etologiese navorsing en spesifiek ook vir die waarde van *The soul of the ape* is die geannoteerde uitgawe van die werk wat in 1990 deur Peter Henzi (kyk 6.5) gehanteer is. Deur *The soul of the ape* in te lei en te annoteer,³⁰ plaas hy die werk in konteks en toon met verskeie uitsprake aan dat daar wel vir hedendaagse etoloë nut daarin is om met *The soul of the ape* in gesprek te tree, wat waarskynlik een van die betekenisvolste erkennings is van die wetenskaplike waarde van Marais se werk wat daar tot dusver van 'n wetenskaplike gekom het. Daar is in Henzi se "Introduction" en in sy aantekeninge by Marais se teks geen blyke daarvan dat sy oordeel deur die sentimente beïnvloed is wat Zuckerman klaarblyklik vermoed het oordele oor Marais se werk onregverdig positief bevoordeel het nie en selfs alle vorme van kritiek teen hom ongewens maak nie.³¹ Henzi (1990: 200) kom tot die volgende slotsom:

We cannot even complain that Marais never got what he deserved. He knew the merit of *The Soul of the Ape* and yet he consigned himself to the grave without either seeing it published, or even simply completing it. If anything, its appearance in print in 1969 gave him a second chance for vindication and provided us with an opportunity to evaluate his belief in himself. It is an informative book and, although it can be read in many ways, it is not something to be approached as a curiosity. It both tells us a surprising amount about a remarkable man and reminds us of our intellectual

obligations. But, more importantly, it serves as a measure of progress in the discipline that Darwin himself saw as integral in the understanding of mankind. To read *The Soul of the Ape* is to appreciate this and to appreciate Marais himself.

Wat interessant is van die uitsprake van wetenskaplikes oor die waarde van Marais se etologiese navorsing is die wyse waarop dit ook gelei het tot 'n herwaardering van Marais se wetenskaplike bydrae deur ten minste Marais se belangrikste biograaf, naamlik Leon Rousseau. Rousseau (1998: 106) maak die volgende belydenis:

Hoe lank Marais sy tyd vooruit was, het ek eers sowat 29 later, lank ná die verskyning van *Die Groot Verlangte*, werklik begryp toe ek deels in oorleg met die etoloog prof Anne Rasa, 'n leerling van Konrad Lorenz, gewerk het aan 'Eugène Marais and the Darwin Syndrome'.³²

Die uitsprake en bevindinge van (veral buitelandse!) natuurwetenskaplikes oor die waarde van Marais se natuurwetenskaplike prosa het klaarblyklik begin om die oordeel van Suid-Arikaners wat veral vanuit 'n literêre perspektief na Marais kyk, te beïnvloed.

6.6 Wyse van aanbieding

Marais het heelwat oor bobbejane geskryf en sy tekste oor dié onderwerp op verskillende maniere en vir verskillende lesers aangebied. Dat hy sowel literatuur as wetenskap probeer "bemeester" het, en dat hy oor 'n onderwerp geskryf het wat hom na aan die hart was, spreek uit hierdie tekste. In hierdie bespreking sal indringend aandag gegee word aan die bundel *Burgers van die berge* (1971), wat in 1938 die lig gesien het. Die klem val in hierdie gedeelte veral op dié teks aangesien twee belangrike kwessies, dié in verband met die verhouding tussen literatuur en wetenskap en dié van wetenskaplikheid as sodanig, by verskeie geleenthede spesifiek ten opsigte van hierdie werk ter sprake gekom en uiteenlopende

bevindings ontlok het (kyk o.a. Du Randt, 1969 en Zuckerman, 1983). Aspekte van hierdie bespreking geld egter ook ten opsigte van Marais se ander werk oor bobbejane, wat dan weliswaar vir vergelykingsdoeleindes betrek sal word. Deur middel van hierdie werkwyse sal ook probeer word om onnodige herhaling en kruisverwysings te voorkom, aangesien Marais heelwat inligting in *Burgers van die berge* herhaal wat onder meer ook in *The soul of the ape* voorkom. Die bespreking strewe dus eerder daarna om bepaalde tendense aan te toon as om volledig te wees.

Dat Marais op die eerste bladsy van *The soul of the ape* geskryf het dat die projek bestem was “For the Smithsonian Institution, Washinton USA” dui daarop dat hy met dié manuskrip van voorneme was om ’n wetenskaplike teks vir ’n vooraanstaande navorsingsinstelling te skryf. Die titels wat Marais aan die hoofstukke in die boek gegee het (“Means and methods of research”, “Habits acquired in different environments”, “Phyletic and individual memory”, ens.) en die wyse waarop hy sy navorsingsmetode uitspel en oor sy waarnemings en bevindings skryf, laat ook geen twyfel daaroor dat hy ’n bydrae tot die wetenskapsbeoefening probeer lewer het nie. Toe *The soul of the ape* uiteindelik in 1969 gepubliseer is, is dit inderdaad ook deur lesers as ’n wetenskaplike werk geresepteer (kyk 6.5).

Marais se drie vroeëre reekse artikels oor die primate in onderskeidelik *Die Brandwag*, *Die Huisgenoot* en *Ons Vaderland* is in verhaal- of essayvorm gepubliseer en later in versamelbundels opgeneem. Hoewel dié werk nie in wetenskaplike tydskrifte gepubliseer is nie, het Marais nog steeds waarnemings daarin beskryf wat van wetenskaplike betekenis is. Omgekeerd is dele uit *The soul of the ape*, wat Marais in Afrikaans vertaal en in *Die Brandwag* en *Die Huisgenoot* gepubliseer het, later in ’n *Paradys van weleer en ander geskrifte* (1965b) opgeneem (kyk 6.4). Die feit dat *Burgers van die berge* eers in *Ons/Die Vaderland* verskyn het, maak die inhoud dus nie per se minder “wetenskaplik” nie, maar die publikasiewyse het nietemin daartoe bygedra dat dié tekste nie vanselfsprekend as wetenskaplike tekste aanvaar is nie.

Tien tekste, wat in die “Voorwoord” as “vertellings” en as “verhaaltjies” getipeer is, is in *Burgers van die berge* opgeneem en so gerangskik dat hulle ten minste die indruk van ’n eenheid skep, hoewel Marais nie spesifiek die reeks geskryf het om in boekvorm te verskyn nie. (Die leser kry meermale die indruk dat

Marais nie noodwendig met die gedagte rondgeloop het om boeke oor sy ervarings in die natuur te skryf nie. Die enigste uitsondering is natuurlik *The soul of the ape.*) Deur die latere publikasie van die essays in boekvorm en die vertaling daarvan in ander tale sou die tekste egter tog bestendig en aan meer as een geslag lesers oorgedra word. Met verloop van tyd het die boek ook 'n bepaalde eie identiteit gekry, sodat min persone wat oor die werk geskryf het daarvan melding gemaak het dat dit nié 'n eenheid vertoon nie.

Maar hoe bied Marais sy waarnemings oor die bobbejane in *Burgers van die berge* aan, en wat is die implikasies daarvan? In die eerste hoofstuk, "Die lewenswyse van bobbejane", word die leser se belangstelling in die bobbejane geprikkel deurdat hulle as uitsonderlik voorgestel word. Marais skryf soos volg:

Daar is in ons tyd geen diersoort waarin deur wetenskaplike ondersoekers groter belang gestel word as die aapsoorte nie. Veral word gesoek na kennis van die lewenswyse van die ape in hul natuurstaat en juis hier skiet ons kans en ons kennis bygevolg tekort. Ons weet minder van die lewenswyse van die aapsoorte as van byna enige ander landdier (p. 9).

Met hierdie inleidende opmerkings word die aktualiteit van dit waaroor Marais gaan skryf aan die leser voorgehou. Aangesien die skrywer ook goed ingelig was oor wetenskaplike tendense kon hy uitsprake maak wat lank daarna nog geldig sou wees en tot nog meer navorsing en geskrifte oor primate sou lei. Sodoende het Marais sy werk dus binne 'n bepaalde tradisie geplaas. Hierdie werk het natuurlik veral Darwin se *The descent of man, and selection in relation to sex* (1871) as voorloper gehad, wat vir die bepaling van die wetenskaplike waarde daarvan belangrik is (kyk Henzi, 1990: 200). Uit die inleiding kan ons ook inligting in verband met Marais se navorsingsmetodes kry (kyk 6.3), en vasstel in watter ruimte die navorsing onderneem is. Deur onder meer die wyse waarop Marais sy navorsingsmetodes uitspel en in die res van die teks die resultate daarvan aanbied, word daar 'n tipe teks tot stand gebring wat byvoorbeeld van die diereverhale van Sangiro, G.H. Franz en G. von Wielligh verskil. Dit is opvallend dat daar min pogings was om Marais se werk onder dié van die diereverhaalskrywers te plaas. Daar is van vroeg af "iets anders" in Marais se werk aangevoel.

Burgers van die berge maak veral in die eerste twee hoofstukke 'n sterk wetenskaplike indruk. Heelwat inligting oor hoe Marais sy navorsing gedoen het, kom byvoorbeeld in hierdie hoofstukke voor. Die verteller wat hier optree, is ingelig en dui die belangrikheid van sy navorsing binne die kader van die Darwinistiese diskoers aan. Tog is daar ook aspekte van die teks (waarvan sekere hoofstukke aanvanklik as artikels in *Ons/Die Vaderland* verskyn het voordat dit postuum in boekvorm uitgegee is) wat lesers kon laat twyfel het of hulle met 'n literêre of 'n wetenskaplike werk te doen het. Dit blyk veral uit die wyse waarop Marais te werk gaan om oor sy ondervindings te skryf of, volgens Du Randt (1969: 6), hoe “die stof artistiek georden en gedramatiseer word”. Ons kan Du Randt self as voorbeeld neem van 'n leser wat getwyfel het of, moontlik nader aan die waarheid, verkies het om te twyfel. Sy twyfel is in die tweede hoofstuk geaktiveer deur iets in die manier waarop Marais sy “verhaal” vertel het. Du Randt (1969: 7) skryf:

Dit is egter opvallend dat die ‘wetenskaplike’ styl reeds in die tweede hoofstuk verbroekel deur die invleg van anekdotiese uitweidings met 'n persoonlike, dramatiese kleur; beide wat vorm en inhoud betref staan die episode oor die vonds van 'n merkwaardige bobbejaansuigeling, in skrilte kontras met die betoënde trant van die eerste hoofstuk.

Du Randt verwag dus dat daar op 'n sekere manier oor wetenskaplike sake geskryf moet word. Maar wat is dit wat hom so laat twyfel? Die betrokke gedeelte beskryf die verskyning van “'n wonderlike kavalkade” (p. 26) uit die nag by hulle vuur, terwyl Marais en komdt. Jan Wessels na Brandwag aan die Palala op reis was. Die leier van die kavalkade, “die jong Frans Linsley”, het iets baie besonders by hom gehad en vir Marais kom gee:

Hy bring toe in die lig van die vuur 'n klein skoendosie te voorskyn, wat hy by die een of ander kafferstat in die hande gekry het en uit die skoendosie haal hy 'n lewendige bobbejaantjie, wat hy sorgvuldig in gras en blare gepak het. En dit was die wonderlikste bobbejaantjie wat ek ooit gesien het (p. 27).

Met die begin van hierdie insident, vervolg Du Randt (1960: 7), “ondergaan

die stylaard van die werk 'n fundamentele gedaantewisseling: Die verifieerbare, wetenskaplike feit maak nou plek vir die vermoede, die (vergesogte) hipotese.” Waarna Du Randt verwys, is die volgende verklaring wat Linsley en sy metgeselle oor die sonderlinge bobbejaantjê aangebied het:

Die heer Linsley en sy metgeselle het ooreengekom dat die diertjie 'n kruising tussen 'n Kaffer en 'n bobbejaan is en vir so'n veronderstelling was daar werklik veel te sê (p. 36).

Volgens Du Randt word “hierdie speels-ironiese aanslag [...] volgehou” in die gedeelte waarin beweer word dat “'n jong kaffermoeder toegelaat het dat die bobbejaantjê die voedselbron van haar eie kleintjie deel” (p. 28). “Ongemerkt dus, met sy ‘tong in die kies’, bewerkstellig die verteller die oorgang van waarheid tot verdigsel,” aldus Du Randt (1969: 7).

Ook later in die teks is daar volgens Du Randt (1969: 7) verandering in die styl, byvoorbeeld die beskrywing van die Waterbergse landskap in die derde hoofstuk, “Die bobbejane van Doornhoek”: “Marais se prosa bereik hier 'n voortreflike plastiese seggingskrag; in die gestileerde, siervolle, vloeiende sinne, die musikale spel met klank en beeld is daar geen spoor van ‘wetenskaplikheid’ nie”. Du Randt se stelling het betrekking op die volgende gedeelte van *Burgers van die berge*:

Die berge was rooskleurig van die menigte stamvrugte wat hier 'n grootte en smaak bereik wat dit vir die besoeker uit die suide eenvoudig 'n nuwe vrug maak. Wildeperskes, appelmose, suurklappers (in die suide onbekend), mispels, moepels en nog verskeie ander soorte het ons wildernis 'n werklike vrugteboord gemaak (pp. 29–30).

Na aanleiding van die gedeelte in die derde hoofstuk, “Die bobbejane van Doornhoek”, waarin die bedreiging van die lûperd (of “tier” soos Marais deurgaans skryf) vir die bobbejane ter sprake kom, kom Du Randt (1969: 9) tot die gevolgtrekking:

Hierdie dramaties-ironiese aanslag – die ‘vryhede’ wat die skrywer hom

onopvallend vergun in sy wetenskaplike kyk op sake – word met elke insident, elke hoofstuk verder verskerp.

Du Randt (1969: 10) se bespreking gaan in hierdie trant voort totdat hy uiteindelik tot hierdie gevolgtrekking kom:

Al duideliker het dit begin deurskemer dat die verteller met sy lesers die draak steek; die tegniek om 'n 'wetenskaplike' waarheidsklimaat te skep was dus 'n ironiese procédé om die aanspraak op 'waarheid' dramaties te benut.

Die wins van Du Randt se bespreking is die wyse waarop hy oortuigend aantoon dat die verteller of die “aanwesigheid van die vertellerspersoonlikheid” in *Burgers van die berge* 'n belangrike rol speel. Marais vertel inderdaad boeiend oor die bobbejane wat hy in die kloof op Donkerhoek en elders leer ken het. *Burgers van die berge* is dus 'n teks wat maklik voldoen aan die “vereistes” van literatuur (kyk 2.2). Marais vertel onder meer verskillende “verhale” oor die wel en wee van die bobbejane en gebruik taal op so 'n manier dat dit die “aandag trek”. Dit gebeur byvoorbeeld in die esteties bevredigende manier waarop hy die vrugtedraende bome en struik van die Waterberg beskryf. Die leser mag selfs sê dat dit vir hom mooi is.

Maar maak dit *Burgers van die berge* per se minder wetenskaplik of selfs onwetenskaplik?

Du Randt se siening in verband met “wetenskaplikheid” blyk onder meer uit die opmerkings wat hy oor die taalgebruik en styl in die teks maak. Hierdie sienings verraaai dat hy grootliks die modernistiese voorskrifte van wetenskaplike taalgebruik (kyk 2.5) voor oë gehad en “onderskryf” het. Die manier waarop Marais oor wetenskap skryf, klink nie “reg” nie of, anders gestel, 'n skrywer is nie veronderstel om so te klink as hy oor 'n wetenskaplike onderwerp skryf nie. Vir Du Randt beteken dit egter nie dat *Burgers van die berge* “swak” of “onaanvaarbaar” is nie. Inteendeel, dit beteken dat 'n mens hier eerder met 'n literêre werk te make het.

In hierdie bespreking gaan nie probeer word om die “wetenskaplikheid” van *Burgers van die berge* na te gaan nie. Dit sou nietemin wel die moeite werd wees om, soos wat Henzi (1990) ten opsigte van *The soul of the ape* gedoen het, die teks aan 'n wetenskaplike ondersoek te onderwerp. Is die werklik sonderlinge bobbejaantjie

waaroor daar vroeër geskryf is, werklik “onmoontlik”? Of die beskrywing van hoe bobbejaantjies en “kaffertjies” saam in die klei speel (pp. 72–76)? Of die toneel waar die bobbejaanwyfie van haar dooie kleintjie afskeid neem (pp. 105–106)? Du Randt voer nêrens redes aan waarom hy dink dat die verteller met die leser “die draak steek” nie. Hy het waarskynlik bloot van sy intuïsie gebruik gemaak om tot so ’n gevolgtrekking te kom. In die wetenskaplike resepsie van *Burgers van die berge* was daar tot dusver op Zuckerman se resepsie na (kyk 6.5) nog geen totale ontkenning van die wetenskaplikheid van hierdie teks nie.

In die lig van die huidige erkenning van die rol van die verteller in die wetenskaplike teks is daar geen rede om ’n teks soos *Burgers van die berge*, waarin die verteller ’n prominente rol speel, as minder wetenskaplik te sien nie. Moet die leser nie veel eerder die verhale en anekdotes in hierdie teks sien as hulpmiddels waardeur baie besondere waarnemings wat in baie besondere omstandighede gedoen is, aan die leser oorgedra word nie? Daar is genoeg getuienis wat daarop dui dat die meer “lesersvriendelike” *Burgers van die berge* dieselfde inligting as *The soul of the ape* aanbied. Die indruk van wetenskaplikheid word juis in *Burgers van die berge* versterk deur die wyse waarop daar met Marais se ander wetenskaplike prosa in gesprek getree word.

Oënskynlik steur Marais hom dus in *Burgers van die berge* min aan die konvensies van die wetenskaplike teks. Dit blyk nie alleen uit die taalgebruik en die stylaard nie, maar ook uit die slothoofstuk, “Sterfgevalle onder bobbejane”, waarin die kenmerkende bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings van wetenskaplike geskrifte afwesig is. Hierdie “beswaar” geld ook ten opsigte van *The soul of the ape*, waarin ’n bevredigende slot ontbreek bloot omdat Marais die teks nie klaargemaak het nie. Ook die slot van een van Marais se ander wetenskaplike tekste, naamlik *Die skepbekertjie: Oor die voëls van Witklip* (1968) eindig onverwags en selfs onbevredigend (kyk 7.6). Dit is amper asof Marais samevattings en gevolgtrekkings (onbewus?) vermy het.

Min is tot dusver in die kritiek oor die spesifieke ruimte in Marais se wetenskaplike prosa gesê. In sowel *Burgers van die berge* as *The soul of the ape* is die ruimte ’n sentrale gegewe. Marais gee in albei tekste vroeg reeds ’n beskrywing van die spesifieke plasing van die hut wat hy en Alec Austin “tussen die dubbele

gebergtes van die welbekende plaas Donkerhoek in Waterberg” (p. 18) gebou het. Met onder meer die plantegroei wat daar voorgekom het, was dit “’n heerlike oord vir die doel wat ons beoog het” (p. 19). Hier is die waarnemings gemaak:

In die berge van Donkerhoek het ’n trop van ongeveer driehonderd bobbejane gewoon. Hulle het net een vaste slaapplek gehad. Dit was in ’n holte van die krans wat van voor deur die takke van die een groot wildevy beskerm is (p. 20).

Dit is ’n besondere ruimte waarin Marais en Austin hulle bevind en waar Marais sy waarnemings gedoen het. Marais skryf egter ook oor ander plekke wat hy in die Waterberg besoek het en waar hy met bobbejane te doen gekry het. In die lig van die rol wat die Waterberg in Marais se oeuvre in sy geheel speel, is dit ’n ruimte wat met betekenis gelaai is. Die leser met kennis van sowel Marais se belletristiese as sy wetenskaplike prosa aanvaar dat hy die mense en die natuurlewe van die streek goed sou “ken”. Die ruimte of habitat, om dit in wetenskaplike terminologie uit te druk, waarin Marais die bobbejane waargeneem het, word deurgaans geaksentueer. In “Die bobbejane van Doornhoek” word die eerste kennismaking met die bobbejane soos volg beskryf:

Ons eerste kennismaking met die bobbejane van Doornhoek het onder die gunstigste omstandighede plaasgevind. Daar was voor ons aankoms ’n opeenvolging van baie goeie reënjare in Waterberg gewees. ‘De woestijn was als Eden en de Wildernis als de Hof des Heren; vreugde en blijdschap waren daarin gevonden,’ soos die profeet vroeër, waarskynlik onder soortgelyke omstandighede, verklaar het. Die prag en weelde van die natuur wat ons elke dag opnuut bewonder, is eenvoudig nie te beskrywe nie. Veral in die berge van Waterberg het die lewe al sy skatte tentoongestel. So ’n planteryk, soveel voëls het ek nooit tevore, selfs nie in die trope, geëwenaar gesien nie. Wat insekte betref, het dit ons voorgekom asof die Egiptiese wonderwerk voor ons oë verwesenlik is – dat goggas uit die stof van die aarde gebore is (p. 29).

Ook die volgende ruimte wat Marais tydens een van sy reise in die Waterberg

gesien het, word geaksentueer:

Dit was in die middelveld tussen Palala en Magalakwen. Die noorde was destyds heeltemal onbewoon en die plaasname wat ons geken het, was alleen die aanduidings van die ou jagters wat hier olifante geskiet het. Sandmanfontein was een van die ou staanplekke waar kommandant Wessels en ek een winter uitgekamp het. Dit was 'n ronde kom, met steil rande omsingel en slegs deur een poort toeganklik.

Aan die oostelike kant was daar 'n krans goed 'n duisend voet hoog en 'n myl lank. Hierdie krans het so ver oorgehang dat wanneer die son loodreg bo was, daar 'n skaduwee van minstens twintig tree was.

Daar was geen bergdier – die mens ingeslote – wat so 'n rotsstapeling kon uitklim nie en tog het die bobbejane op verbasende wyse van die krans gebruik gemaak.

Ons het 'n paar honderd tree van die voet van die krans gekampeer, sodat ons die hele uitgestrektheid van die krans in die gesig gehad het. Daar was hier in die kom 'n trop van ongeveer tweehonderd bobbejane (p. 51).

Besondere ruimtes (of habitate!) is een van die wesenskenmerke van alle etologiese geskrifte. Die Waterberg as ruimte speel dus in Marais se wetenskaplike prosa dieselfde rol as Gombe in Jane Goodall (kyk o.m. 1988 en 1990) se boeke oor die sjimpansees, die Virungas in Dian Fossey (kyk 1988) se boek oor die berggorillas en Borneo in Biruté M.F. Galdikas (kyk o.m. 1996) se boeke oor die orang-oetangs. As in aanmerking geneem word dat die ruimte waarin wetenskaplikes hulle navorsing doen so 'n belangrike rol speel in etologiese tekste wat op 'n wye leserspubliek gerig is, is dit duidelik dat die Waterberg dieselfde funksie in Marais se werk speel. In hierdie opsig is Marais se wetenskaplike tekste dus in 'n sekere sin 'n voorloper van latere etologiese tekste. Die aandag wat Marais aan hierdie ruimte gee en die waardering wat hy vir die ruimte uitspreek, word sterk beklemtoon. Sekere spesies pas moeilik of glad nie in ander ruimtes aan nie, terwyl die verskillende soorte bobbejane wyd verspreid voorkom (pp. 22–24). In *The soul of the ape* word die aanpasbaarheid van die bobbejaan in verskillende ruimtes soos volg gestel:

An outstanding characteristic of the chacmas is their ability to thrive in the most varied environments. They are equally at home on the fertile hills of our more northerly terrain. In the Cape they are in the midst of a plentiful and varying food supply (p. 45).

Die rol wat die ruimte of die spesifieke habitat in etologiese tekste speel, is een van die fasette wat hierdie soort teks onderskei van die antropogeniese tekste waarvoor Misia Landau skryf. In tekste oor die oorsprong van die mens is ruimtes (soos Afrika, Sjina, die Olduvai-krater, die Sterkfontein-grot) wel ter sake, maar dit speel nie so 'n prominente rol nie. Deur die klem op 'n "interessante ruimte" te plaas, betrek Marais (soos ander etoloë) 'n faset wat ook in literêre tekste van groot belang is. Natuurlik is die spesifieke habitat 'n bepalende faktor vir die aanwesigheid van hierdie ruimtes, maar in die wyse waarop dit herhaaldelik in etologiese tekste voorkom en besondere aandag kry, word die betekenis verryk. Dink maar aan die voortdurende bewustheid van die boomlandskap in die werk van die "trimate" Goodall, Fossey en Galdikas.

Behalwe vir die besondere ruimte, naamlik die Waterberg, waarin die navorsing gedoen is, is daar ook die bestudering van 'n spesifieke trop bobbejane wat Marais en Austin in Doornhoek leer ken het. Hierdie vertrouetheid het selfs sover gegaan dat die bobbejane by die mens kom "skuiling soek" het toe hulle deur 'n luiperd bedreig is. "Hulle het dadelik tot die gevolgtrekking gekom dat die tier vir ons bang is en dat solank hulle naby ons bly hulle veilig is" (p. 33). Die noue band wat tussen die mens en dier ontwikkel, is eweneens opvallend in die "trimate" se werk, hoewel Henzi (1990: 41) kritiek teen "habituation" deur die voer van diere (soos byvoorbeeld op Gombe) uitspreek. Marais meld dat hulle 'n lys gemaak het van die bobbejane en elkeen goed leer ken het.

Marais is egter in dié opsig versigtig om nie as antroposentrië getipeer te word nie. Hy noem byvoorbeeld nie die name wat hy vir die bobbejane gegee het nie. Die "trimate" en ander etoloë het later veel meer selfvertroue aan die dag gelê en identiteit aan die bestudeerde diere gegee deur vir hulle name te gee. Goodall (kyk o.m. 1988 en 1990) skryf al dekades lank, is betrokke by die vervaardiging van video's en lewer wêreldwyd lesings oor die doen en late van individuele sjimpansees

soos Fifi, Flo en Figan. Hulle het nou al byna storieboekkarakters en/of sepiekarakters geword. Die rol van die literatuur en die wetenskaplike teks hoef in dié verband kwalik verder beredeneer te word.

As *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* sekere wetenskaplike tendense vertoon, kan nagegaan word in watter mate die werke ook ander eienskappe van wetenskaplike tekste vertoon. Juis hierdie kwessie kan tot bepaalde vrae in verband met *Burgers van die berge* (en heelwat van Marais se ander wetenskaplike tekste) lei. Waarom word daar byvoorbeeld veral in *Burgers van die berge* so min met ander wetenskaplikes in gesprek getree? Waarom word daar in *Burgers van die berge* nooit pertinent na ander wetenskaplike tekste verwys nie? Waarom is daar nie voetnote en 'n bibliografie nie?

Die antwoorde op hierdie vrae kan inderdaad iets in verband met die spesifieke aard van *Burgers van die berge* sê en die aandag van die leser weer eens daarop vestig dat teks nie geïsoleer, los van sy tyd, gelees moet word nie. Die leser moet immers rekening hou met die stand van die wetenskapsbeoefening aan die begin van die twintigste eeu. As gevolg van die min navorsing wat daar bestaan het toe Marais sy werk oor die bobbejane geskryf het, was daar min oor die gedrag van bobbejane in hulle natuurlike omgewing beskikbaar. Marais verwys wel na die werk van Darwin, wat hy as vertrekpunt gebruik om na aanleiding van sy waarnemings oor die bobbejane met sy eie insigte vorendag te kom. Latere etoloë het nie veel van hierdie koers afgewyk nie. Marais tree nogtans in gesprek met plaaslike informante (kyk 6.3) en benut plaaslike kennissisteme, wat eers heelwat later 'n aanvaarbare navorsingsmetode sou word.

Marais het 'n eie karakter en identiteit aan sy geskrifte oor die primate gegee. Hy skep woorde en konsepte wat met hom en sy werk geassosieer sou word en daaraan 'n spesifieke Eugène Marais-identiteit gee. Dink maar aan die wyse waarop hy sy eie inhoud gee aan die woord "siel" en sodoende 'n duidelike afstand skep tussen hom en Sigmund Freud, na wie hy meermale verwys en van wie hy heftig verskil het. Daar is ook Marais se waarneming van droefheid en heimwee by mense en bobbejane, wat hy "hesperiese neerslagtigheid" genoem het. Marais gee ook besondere inhoud aan "pyn", wat hy as een van die noodwendighede in die natuur sien (kyk Du Randt, 1972).

Een van die interessanthede is dat hoewel *The soul of the ape* een van Marais se “mees wetenskaplike tekste” was op grond van die saakliker en minder informele aanbieding, dié teks aanvanklik ten minste een duidelike element van fiksie gehad het. Alec Austin, wat saam met Marais in ’n hut op Doornhoek gaan bly het om die bobbejane dop te hou, word “Dr. De Roubaix” genoem. “Dr. De Roubaix” is natuurlik een van die personasies wat meermale hulle verskyning in Marais se bellettristiese prosa maak (kyk 4.4). Dit lyk asof Marais aanvanklik nog nie “finaal” tussen literatuur en wetenskap kon kies nie! Of anders het hy moontlik in dié “hoogs wetenskaplike” teks sy skrywershand net ’n oomblik lank vrye teuels gegee.

In die geheel gesien, is dit opvallend hoedat Marais hom in sy “bobbejaanprosa” tot ’n breë leserspubliek kon wend en hoe hy ruim van die hulpmiddels wat sowel die literatuur as die wetenskap bied, gebruik gemaak het om ’n eie, unieke stempel daarop af te druk.³³ Dit het tot ’n omvattende diskoers gelei waarvan sekere aspekte in hierdie bespreking ter sprake gebring is.

6.7 Betekenis

Marais moes die belangrikheid van sy werk oor die primate vroeg reeds besef het. Waarom anders sou hy so hard gewerk het aan *The soul of the ape*? Die waarnemings wat hy oor ’n tydperk van drie jaar in Doornkloof en sporadies daarna gedoen het, was ’n unieke geleentheid vir hom wat hy goed benut het. Marais was moontlik die eerste persoon wat (onwetend?) gereageer het op A.J. Kinnaman (1902: 103) se artikel oor die sielegedrag van die resusaap, waarin hy opmerkings oor die metodologie maak:

One of the great difficulties is of selecting tests and apparatus properly related to the character of the animal studied [...]. The tests selected must not be too far removed from the field of his natural activity, for in such cases the animal is often completely baffled, and only the most limited results are obtained. The animal may appear to be stupid because the test is unsuitable, and thus be easily misjudged.

Kinnaman (1902: 103) gaan verder:

There is reason for believing that if all *methods* are employed upon the same animal, as far as possible, we shall arrive at a more complete understanding of him. Not opposition to one method or undue emphasis upon another, but a reasonable use of each of them within the just limits of its applicability, should be the practice of the student of comparative psychology.

Meer as sestig jaar later was hierdie siening 'n aanvaarde praktyk, waaroor Breland en Breland (1966: 20) geskryf het:

[...] you cannot understand the behavior of the animal in the laboratory unless you understand his behavior in the wild.

In die eerste twee dekades van die twintigste eeu was daar klaarblyklik niemand onder Amerikaanse en Europese navorsers anders as Eugène Marais wat oor hierdie geleentheid beskik het om 'n trop bobbejane in die natuur waar te neem. Selfs die voorste Amerikaanse dierkundige, Robert M. Yerkes, het nie kon regkry wat Marais gedoen het nie, naamlik om primate in hulle natuurlike habitat waar te neem en daaroor te skryf. In die lig hiervan alleen het Marais en sy navorsingsmetode 'n besondere plek in die geskiedenis van die etologie verwerf. Marais se geskrifte oor die bobbejane neem dus 'n pertinente plek in naas ander literatuur oor die primate. Deur oor sy werk te skryf en ten minste die titels van sy boeke in hulle bibliografieë op te neem, het latere wetenskaplikes "wetenskaplike status" aan sy bydrae gegee (kyk o.a. Morris & Morris, 1966 en Jolly, 1972).

Die laat publikasie van *The soul of the ape* (1969) het in 'n tyd gekom toe ander navorsers oor die primate reeds met nuwe bevindinge vorendag gekom het. Vir die eerste keer is die resultate van hierdie navorsing wyd bekend gestel en het die etologie nuwe helde aan die wetenskaplike wêreld bekend gestel. Sommige van hierdie helde het selfs huishoudelike name geword, soos Konrad Lorenz, Niko Tinbergen en Max von Frisch wat in 1973 die Nobelprys vir Medisyne en Fisiologie vir hulle pionierswerk op die gebied van die etologie ontvang het.

Marais het in sy werk die gedragspatrone van die Kaapse bobbejaan

beskryf, maar was met sy klem op die siel, dit wil sê psigologiese gedrag, nie daartoe in staat om hierdie patrone fundamenteel teoreties te verklaar nie. Een van die redes vir hierdie tekortkoming by Marais was sy onkunde oor 'n dissipline wat gedurende die twintigste eeu ook 'n groot invloed op ons verstaan van die oorsprong van lewe en gedrag sou hê, naamlik die genetika. Aangesien Marais nog niks geweet het van die genetika nie, was hy nie in staat om dié wending vooruit te loop nie. Die indruk wat Marais se geskrifte dus nou maak, is dat hy as 't ware 'n benadering van bo af ("top down") gevolg het en daarna na die wortels van gedrag probeer werk het. Eers met Richard Dawkins (1989 en 1999) sou ons weet dat gedrag geneties voorspelbaar is.

In die lig van die erkenning wat Marais wel met verloop van tyd vir sy wetenskaplike geskrifte gekry het, is dit onnodig om hom in dié verband as 'n tragiese figuur te sien (kyk Rasa, 1989: 15). Iets wat wel jammer is van die laat publikasie in boekvorm van sy geskrifte oor die bobbejane is dat hy die geleentheid ontnem is om gedurende sy leeftyd aan verdere akademiese gesprekvoering oor die onderwerp deel te neem. Vandag is intellektuele gesprekvoering oor gepubliseerde resultate van navorsers die lewensbloed van die wetenskaplike wêreld. Deur aan so 'n gesprek deel te neem, sou Marais seer sekerlik met heelwat nuwe inligting en insigte vorendag gekom het. Dit sou boeiend gewees het om hom te hoor antwoord op die kritiek wat daar met verloop van tyd teen aspekte van sy werk uitgespreek is. 'n Mens kan aanvaar dat hy in meer as een geval met 'n unieke (en moontlik geldige) antwoord vorendag sou gekom het.

Marais is kwaai deur Zuckerman (1975, 1978 en 1983) gekritiseer. In 'n lesing voor die Eugène Marais-tak van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het D.M. Joubert (1976: 6) soos volg op die aanval geantwoord wat Zuckerman in 1975 by die Universiteit van Kaapstad gelewer het (kyk 6.5):

Wat Zuckerman nie kon aanvoel of sou weet nie, is dat die naam Eugène Marais, en sy waarnemings en beskrywings en verklarings, hoe gebrekkig ook al – ons in Suid-Afrika op die pad help plaas na 'n plek in die internasionale wêreld van onder meer die etologie en van die semeiotologie. Moontlik het ons hom in die proses self verafgod, maar nooit het ons hom voorgedou – of het hy homself ooit voorgedou – as 'n uitmuntende wetenskaplike nie. Veel

eerder 'n rigtingwyser. Een wat langs die weg wat hy self bewandel het ook soveel *ander* dinge gedoen het wat, al sou hy nooit 'n mier se siel of 'n bobbejaan se gedrag bestudeer of beskryf het nie, sy naam sou verewig.

Joubert se siening word op verskillende maniere bevestig deur die uitsprake van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes wat hulle oor die jare oor Marais se werk uitgelaat het. Daar word dus veral in hierdie perspektiewe wat 'n gevoeligheid vir die geskiedenis van die wetenskap openbaar, erkenning gegee aan die rol wat Marais as baanbreker op die gebied van die etologie gespeel het. Maar dit is deur middel van tekste wat Marais sy verhale oor die bobbejane vertel het. Sowel letterkundiges as wetenskaplikes reageer in die meeste gevalle op dit wat hulle in Marais se eie werk of oor hom gelees het, sodat die aard van en opvattinge oor hierdie tekste behoorlik ondersoek is.

Marais was nie bloot 'n populariseerder van wetenskaplike kennis nie, aangesien hy self oor sy eie eerstehandse waarnemings en kennis geskryf het. Die jong, vaardige en strydvaardige joernalis uit die tyd van die ZAR het sy talente om noukeurig waar te neem en kompromisloos daaroor te skryf (kyk 4.2) verder in die polemiese wêreld van die Darwinistiese diskoers ontwikkel en verfyn. As vaardige skrywer het Marais van tegnieke gebruik gemaak (soos om literêre tegnieke in wetenskaplike geskrifte aan te wend) waarvoor hy nie gedurende sy lewe en selfs lank daarna erkenning gekry het nie. 'n Belangrike rede hiervoor is die modernistiese sienings van die wetenskap wat lank bestaan het en eers met die publikasie van Kuhn se *The structure of scientific revolutions* (1962) erkenning gekry het. Die erkenning van die rol van literêre strategieë in wetenskaplike tekste deur onder meer Misia Landau het dit moontlik gemaak om groter waardering vir die werk van skrywers soos Marais te hê. *Burgers van die berge*, *The soul of the ape* en andere is dus tekste wat vandag sowel literêre as wetenskaplike betekenis het. Dit is nie meer nodig om 'n teks vir die letterkunde op te eis soos wat Du Randt (1969) gedoen het nie, en om jou oë vir die wetenskaplikheid van so 'n teks toe te maak nie.

Marais het vroeg al (onwetend?) sy lesers daarop voorberei om versoening tussen *literatuur* en *wetenskap* na te strew. Dit is enigsins vreemd dat Edward O. Wilson, wat nie veel waarde aan Marais se teorie oor die eenheid van die miernes

geheg het nie (kyk 5.5), juis vandag die verpersoonliking van die gedagte van die “consilience” (Wilson, 1998) geword het. Miskien het Wilson *Die siel van die mier* nog geïsoleer gelees.

6.8 Samevatting

In die geheel gesien, oortref die waarde van Marais se werk oor die primate waarskynlik sy ander wetenskaplike werk. Dit spreek veral uit die erkenning wat op verskillende maniere aan sy werk oor die bobbejane gegee is. Met *Burgers van die berge* en die Engelse vertaling van die boek het Marais reeds internasionaal die aandag op sy werk oor die primate gevestig. Dit is opvallend in hoeveel publikasies oor die primate daar na Marais verwys word, of hoe dikwels die titel van sy publikasies ten minste in die bibliografieë vermeld word. Na die publikasie van *The soul of the ape* is hierdie beeld van Marais versterk, hoewel dit jammer is dat die boek nie vroeër gepubliseer kon word nie. Dit het hom beslis die geleentheid ontnem om erkenning as een van die grondleggers van die etologie te kry. Om egter ’n tragiese voorstelling te maak van Marais se onvermoë om die boek te publiseer (kyk Ardrey, Rousseau en Rasa) lyk enigsins oordrewe. Marais het immers heelwat perspektiewe in *The soul of the ape* in artikels verwerk wat hy gedurende sy lewe gepubliseer het. Hierdie perspektiewe het ongelukkig verder daartoe bygedra om die beeld van Marais as ’n tragiese figuur te versterk.

As skrywer het Marais daarin geslaag om sy werk oor die primate aan ’n wye leserspubliek bekend te stel. Deur sy artikels in die populêre koerante en tydskrifte te publiseer, het hy veral die Afrikaanse leserspubliek vir die belangrikheid van dieregedrag gesensitiseer. Om die leesbaarheid van sy werk te verhoog, het die gebruik van ’n verskeidenheid literêre tegnieke goed te pas gekom. Met die wyse waarop hy oor sy bevindinge geskryf het, het Marais ’n dimensie bygevoeg wat nie tot dusver in literatuur oor die aard van die etologie aandag gekry het nie. Min aandag word in literatuur oor die etologie as dissipline gewy aan die aard van die wetenskaplike teks waarin die wetenskaplike sy waarnemings beskryf om aan die leserspubliek oor te dra.

Met die wyse waarop hy oor sy bevindinge geskryf het, het Marais egter 'n dimensie toegevoeg wat nie tot dusver in literatuur oor die etologie pertinent aandag gekry het nie. Marais en heelwat ander etoloë se tekste verskil immers van die tipe wetenskaplike teks wat vandag nog as ideaal voorgehou word (kyk 2.5). Tipiese fasette van die literatuur speel hierin 'n rol: die verteller, die leser, die woord, die metafoor, die teks.

Die hedendaagse leser kan en mag die “wetenskaplikheid” in Marais se wetenskaplike prosa met veel meer vrymoedigheid as vorige geslagte lesers benader. Daar is immers veel minder taboes oor hoe die werk gelees moet word. Daar is ook hulpmiddels en benaderings wat voorheen nog nie bestaan het nie, wat die lees van die tekste 'n groter leeservaring kan maak. Dit sluit in eerste instansie veranderde sienings oor sowel die literatuur as die wetenskap in.

Dit beteken natuurlik nie dat die leser dit nou “makliker” gaan vind om die betrokke tekste te lees nie. Word daar nie dalk 'n groter belesenheid en verwysingshorison ten opsigte van Marais veronderstel as wat literatoure en wetenskaplikes aanvanklik vermoed en gepropageer het nie? Die antwoord hierop is nie maklik nie, aangesien die hedendaagse wêreld onoorstigtelik geword het. Deur gebruikmaking van insigte uit sowel die literatuur as die natuurwetenskappe kan nietemin gepoog word om Marais se wetenskaplike prosa beter te verstaan.

AANTEKENINGE

1. Volgens Maple (1979: 31) het daar in die Weste in hierdie tydperk baie verdraaide sienings oor die primate bestaan:

Much of the early information about monkeys and apes was based on the haphazard anecdotes of hunters and explorers. Often these writers would obtain their information from the natives who inhabited the African, Asian, and South American regions. These tales may have been embellished by the natives to impress the Europeans, and further altered to *sell books!*

2. Uitgebreide navorsing is reeds gedoen oor die plek wat spel in primate se bestaan inneem (kyk Smith, 1978). Oor die rol wat voorwerpe in hierdie spel speel, skryf Douglas K. Candland en Carl N. Johnson (1978: 265) soos volg:

One of the notable aspects of primate play behavior is that much of it is directed toward inanimate objects in the environment. Certainly, other species play with objects (e.g., a puppy chasing a stick, a kitten wrestling with yarn), but it is only within the Order Primates that one finds complex forms of object manipulation, the use of an object as an exploratory tool, and nonstereotyped, novel uses of objects as vehicles of play.

Spel word deur Candland en Johnson (1978: 272) as 'n unieke eienskap van die orde van die primate gesien: “[P]lay is directed toward inanimate objects sufficiently often to qualify this behavior as a speciality of the order”. Die volgende opmerking kan ook moontlik as bevestiging van Marais se stelling geles word: “[T]here are clear phyletic differences in the quality and quantity of play among nonhuman primates”.

3. Rousseau baseer sy beskrywing hiervan op die passasies op p. 54 in *Burgers van die berge* en die gegewens in Eyssen (1951: 27) se artikel.
4. Oor Marais se leeswerk tydens hierdie tydperk in Pretoria skryf Rousseau (1984c: 293–294) soos volg:

Sy eie groot werk, *The Soul of the Ape*, hou sy gedagtes besig, maar om dit te kan skryf, moet hy eers léés. Hy lees sporadies – dikwels vyf of ses boeke gelyktydig – maar hy lees baie. Soos hy, ondanks sy kennis van Duits, Häckel op Boshof in die Engelse vertaling geles het, lees hy ook die Franse filosoof Henri Bergson hier in Engels. Ná die publikasie van *L'Evolution Créatrice* tien jaar tevore, is Bergson hoog in die mode, nie net Bergson self nie – hy is 'n bietjie moeilik verteerbaar – maar die kommentare op hom wat kort voor die Groot Oorlog verskyn het: Lindsay se *The Philosophy of Bergson*, Henri Bergson: *The Philosophy of Change* deur Carr, en veral Elliot se

Modern Science and the Illusions of Professor Bergson.

[..]

Hy lees asof hy wil vergoed vir sy intellektuele afsondering op Rietfontein. Van Freud en Bergson gaan hy na Maurice Maeterlinck, die Belgiese dramaturg en filosoof aan wie die Nobelprys vir Letterkunde toegeken is op grond van dramas soos *Loiseau bleu* (Die blou voël).

Marais stel veral belang in Maeterlinck se *La Vie des Abeilles* (Die Lewe van die By).

5. Die handgeskrewe manuskrip van *The soul of the ape* word in die argief van die RAU bewaar. Dit vorm deel van die sogenaamde Sotheby-versameling van aantekeningboeke, manuskripte, korrespondensie tussen Marais en sy seun en ander items (kyk Sotheby Parke Bernet South Africa, 1978: 33–43) wat ná die dood van Eugène Marais jr. deur sy erfgename te koop aangebied is. Dit het op 19 Oktober 1979 op 'n openbare veiling onder die hamer gekom. Vooraf is daar heelwat mediadekking aan die veilig gegee en is die vrees uitgespreek “dat buitelanders, by name verteenwoordigers van die Universiteit van Texas, die waardevolle versameling voor die neuse van Suid-Afrikaanse kopers gaan wegraap” (*Beeld*, 19.10.1978). Hoofartikels is deur *Die Burger* (6.10.1979), *Beeld* (7.10.1978) en *Die Transvaler* (9.10.1979) aan die saak gewy. “Dit is 'n ereskuld wat diegene wat die Afrikaanse taal liefhet, verskuldig is om die versameling van dokumente in Suid-Afrika te hou (selfs ondanks die ironiese dat Marais baie van sy private korrespondensie in Engels gevoer het!),” het 'n deel van *Beeld* se kommentaar gelui.

Die manuskrip van *The soul of the ape* was een van 33 dokumente wat deur Perskor aangekoop is om “in die klein kerkie langs die nuwe Perskorgebou in Heiheightstraat” (*Die Vaderland*, 25.10.1978) uit te stal. Die manuskrip is in November 1990 deur die RAU ná 'n vertroulike transaksie bekom en word tans as deel van die Eugène N. Marais-versameling in die Universiteit se argief bewaar. Hoewel toestemming nie verkry kon word om die aard van die transaksie hier bekend te maak nie, maak die omvang daarvan dié manuskrip ongetwyfeld een van die waardevolste literêre manuskripte in Suid-Afrika. As deel van die Sotheby-versameling is dit in die katalogus aangebied as “certainly the most important scientific manuscript by Marais, to have appeared on the market” (Sotheby Parke Bernet South Africa, 1978: 33).

Leon Rousseau (1978a, 1978b, 1978c, 1979, 1989 en 1998: 65–78) het by 'n aantal geleenthede oor nuwe inligting oor Marais in die Sotheby-versameling geskryf.

6. “Vroeg in 1919 oorhandig Marais die voltooide manuskrip aan sy seun, wat dit sorgvuldig oortik. Hierdie manuskrip was *The Soul of the Ape* soos ons dit vandag ken” (Rousseau, 1984c: 313). Volgens Rousseau (1984c: 314) het Eugène Marais jr. die deurslag van die getikte manuskrip gehou. “As dit nie vir hierdie deurslag was nie, sou *The Soul of the Ape* waarskynlik in sy geheel verlore gegaan het.”
7. Die handgeskrewe manuskrip bevat twee verskillende weergawes van die eerste hoofstuk, waaruit duidelik blyk dat die manuskrip 'n tentatiewe begin gehad het. Veral die eerste weergawe bevat talle deurhalings, wysigings en korreksies. Dit lyk asof Marais die eerste weergawe baie noukeurig deurgewerk en probeer het om hom so goed moontlik uit te druk. Die res van die manuskrip toon egter minder herskrywings, so asof Marais ná die eerste hoofstuk beter op dreef gekom het.
Volgens alle aanduidings was daar ook ten minste twee getikte weergawes van die manuskrip.
8. Volgens Rousseau (1984c: 415) is *The soul of the ape* “in die branding van die laaste paar maande op Heidelberg verswelg”. Later beweer Rousseau (1984a: 1291) dat die manuskrip “in die chaos van sy ontwrigtende ondervindings op Heidelberg” verlore geraak het. Kyk ook Rousseau (1998: 54) vir 'n soortgelyke uitspraak.
9. Die faksimilee van Marais (1980) se handgeskrewe manuskrip van “Mabalêl” beslaan 70 bladsye. “Hy het verstreëls, selfs strofes oor en oor geskryf, op soek na die juiste woord en suiwerste reël” (Nienaber, 1980: 14).
10. Die tiksters na wie Marais hier verwys, was waarskynlik verbonde aan die firma Van Wyk en Louw op Erasmus (tans Bronkhorstspuit in Mpumalanga) waar Marais in daardie stadium as prokureur gepraktiseer het.
11. Al vyf die briewe waarna hier verwys word, word in die argief van die RAU bewaar.
12. 'n Mens sou die “permanente woning” wat Marais en Austin vir hulle in die kloof

ingerig het 'n eenvoudige navorsingstasie kon noem. Dit is vergelykbaar met Jane Goodall (1990: 20–26) se veldstasie in die Gombe Stream Research Centre aan die oostelike oewer van die Tanganjikameer in Tanzanië waar sy in 1960 begin het om navorsing oor sjimpansees te doen. Nog voorbeelde van sulke navorsingstasies is die Karisoke Research Centre van Dian Fossey (1988: 19–41), wat in 1969 op die vulkaniese Verungas in Rwanda begin het om berggorillas te bestudeer, en Biruté M.F. Galdikas se “Camp Leakey” langs die Sekonyerrivier in Borneo waar sy sedert 1971 navorsing oor die orangoetangs doen. Die klein, primitiewe hut waarin Galdikas aanvanklik gewoon het, was oorspronklik “an abandoned loggers’ hut, open on all four sides and built on stilts so that it stood high off the ground” (Gallardo: 1993: 14; kyk ook Galdikas, 1995).

13. Hierdie metode is vergelykbaar met dié van Goodall (1988: 67) wat die sjimpansees van Gombe piesangs gevoer het om hulle aan haar gewoon te maak. Mettertyd het Goodall (1988: 89) 'n permanente voerplek (of “feeding station”) ingerig “that would tempt the nomadic chimpanzees to camp whenever they happened to be in the vicinity, so that we should be able to make reasonably regular observations on a number of different, known individuals”. Leakey was aanvanklik krities oor die voer van die sjimpansees en sou eers enkele maande voor sy dood “grudgingly admit that the feeding may not have tainted her study as much as he feared” (Morell, 1996: 251).
14. Die langste ononderbroke studie van die gedrag van die primate is dié van die meer as veertig jaar lange studie wat Goodall nou reeds sedert 1959 aan navorsing oor die sjimpansees van Gombe in Tanzanië wy (kyk The Jane Goodall Institute, 1999).
15. M. van der Groeben se vertaling van *Burgers van die berge* in Duits is in 1953 onder die titel *Meine Freunde die Paviane* gepubliseer. Die boek het daarna nog twee herdrukke by twee ander uitgewers beleef.
16. Charles Darwin se *The origin of species by means of natural selection, or the preservation of favoured races in the struggle for life* is die eerste keer in 1859 gepubliseer (kyk 3.4).
17. Vreemd genoeg was Léon Rousseau, wat tussen 1962 en 1974 navorsing gedoen het

met die oog op die skryf van *Die groot verlange* en noue samewerking van Eugène Marais jr. gehad het, klaarblyklik tot in 1969 totaal onbewus van die bestaan van die manuskrip van *The soul of the ape* en van Eugène Marais jr. se pogings om 'n uitgewer vir die manuskrip te kry. Gedurende hierdie tyd was Rousseau een van die direkteure van Human & Rousseau en was hy nou by die publikasie van 'n aantal nuwe uitgawes van Marais se werk betrokke. Rousseau kon nie tydens 'n gesprek met my op 25 September 2000 in Pretoria 'n verklaring daarvoor gee nie.

18. Robert Ardrey (1908–1980) ontvang sy opleiding in die natuurwetenskappe aan die Universiteit van Chicago, maar is tot in 1958 veral as dramaturg en draaiboekskrywer bekend. Sy dramas sluit in *Casey Jones* (1938), *Thunder rock* (1940) en *Sing me no lullaby* (1958), terwyl hy ook die draaiboeke van onder meer *The three musketeers* (1948), *Madame Bovary* (1949) en *Khartoum* (1966) geskryf het. John V. Falconieri (1994: 22) tipeer Ardrey se werk as dramaturg soos volg:

Any history of the American theatre would be deficient if it did not consider the plays of Robert Ardrey. His themes include many slices of American history and of the vast amalgam of cultures that America represents. But no playwright finds a place in history just for his themes and Ardrey's claim to acknowledgement must be attributed to his mastery over the components of dramatic literature. Settings are his particular forte, especially his native Midwest, but he sets plays and scenarios all over the world, and, in particular, Africa, which he visited so often as an anthropologist and ethologist. He was a playwright who visualised staging problems long before the stage or movie director saw them, and guided these generally distraught persons to easy functioning. No wonder he was the golden boy of movie producers.

Tussen 1958 en 1980 was Ardrey egter hoofsaaklik bedrywig as dosent en konsultant in die evolusionêre oorsprong van menslike gedrag en publiseer hy 'n aantal boeke oor die onderwerp waaronder *African genesis: A personal investigation into the animal origins and nature of man* (1961), *The territorial imperative: A personal inquiry into the animal origins of property and nations* (1966) en *The social contract: A personal inquiry into the evolutionary sources of order and disorder*. *The*

hunting hypothesis (1970).

Oor die rede waarom hy die wêreld van die teater en die film vir die wetenskappe verruil het, het Ardrey (aangehaal in Falconieri, 1994: 21–22) die volgende gesê:

The dramatist, throughout all ages, has been the poet of principal responsibility in [...] human investigations. And perhaps that is why, dissatisfied with all contemporary fashions and sex and economics, I left the theatre to pursue my investigations of the evolutionary sources of human behaviour. That we are four-dimensional beings, in whom the past lives as a portion of the present, is a thesis brought alive by such dramatists of genius as Harold Pinter. But for definitive investigation one must turn to stages larger than those of the theatre, always with the hope that any new understanding of our nature will be as useful to the arts as to the sciences.

Robert Ardrey is in 1958 met die Afrikaanse aktrise Berdine Grünewald getroud. “Daar is min twyfel dat dit sy was wat sy belangstelling in Marais as baanbreker-etoloog geprikkel het” (Rousseau, 1998: 106). Eghard van der Hoven (2000) onthou Grünewald as ’n baie intelligente, wyd belese en besonder charismatiese persoon. Volgens Van der Hoven was sy baie sprankelend en het “dit altyd gelyk asof sy nou net uit die bad gekom het. In die aand kon sy oor die opvoering saampraat, want bedags het sy moeite gedoen om haar feite op te swot. Dit het ons altyd beïndruk.”

19. Rousseau (1998: 106) skryf die volgende oor Ardrey: “Niemand het soveel gedoen as hy om die aandag van die wêreld op Eugène Marais te vestig nie. Skryf kon hy soos ’n engel. Ek wil belate hulde aan hom bring.”
20. Dick Findlay (1928–1996) was ’n kleinseun van Marais se suster Lizzie Niemeyer en het dwarsdeur sy lewe groot waardering vir Marais en sy nagedagtenis gehad. Hy lewer ook ’n bydrae tot die teater met sy drama *Bitter lied van die somer* (1975).
21. Volgens ’n nota op die agterblad is dr. Peter Henzi “a senior lecturer in the Psychology Department at the University of Natal, Durban. He runs two primate

projects, one on baboons at Mkuzi Game Reserve, and the other on blue monkeys at Cape Vidal. He is a former member of the Ethology Group of South Africa.”

22. C.S.G. (Con) de Villiers (1894–1978), ’n skrywer van veral Afrikaanse kontreikuns oor die Overberg van sy kinderjare, was volgens Kannemeyer (1983: 21) ook “dosent en later hoogleraar in die Dierkunde aan die Universiteit van Stellenbosch en verwerf [...] bekendheid vir sy navorsing oor die oorsprong van en ontwikkeling van die werweldierskelet”.
23. Presies wat die beskouings van dié persone is, word nie deur De Villiers in die bespreking vermeld nie.
24. Zuckerman het hom meermale skerp oor (onder meer!) Marais se werk oor die bobbejane uitgelaat. In ’n lesing, “Directions and misdirections of science”, wat Zuckerman op 24 September 1975 by die Universiteit van Kaapstad gelewer het, behandel hy pseudowetenskap teenoor ware wetenskap en kies hy Marais se werk as voorbeeld van eersgenoemde. In sy outobiografie, *From apes to warlords*, laat Zuckerman (1978: 123) hom soos volg in verband met ’n ander skrywer uit:

He may have been a totally mythical character or merely a phony scientist like Eugène Marais, a drugridden South African who wrote fanciful stories about baboons and ants in the early part of the century, and who, because he was one of the fathers of Afrikaans as a written language, has all but been canonized in the land of his birth.

In die 1983-uitgawe van *The social life of monkeys and apes* het Zuckerman nogeens wat oor Marais te sê. Hy verwys na Marais se werk as “zoological fantasies” (p. 368) en in die bespreking van Marais (1926) se artikel, “Baboons, hypnosis and insanity”, in *Psyche* bevind hy dat slegs die stelling oor masturbasie by jong bobbejaanmannetjies sonder wyfies “if authentic, is of some interest” (p. 205)! Zuckerman se bespreking van *My friends the baboons* verskyn as ’n bylae tot die boek.

Zuckerman se venynige aanvalle op Marais tydens sy lesing by die Universiteit van Kaapstad het hom egter in Suid-Afrika skerp kritiek en verontwaardiging in die media en van wetenskaplikes op die hals gehaal (kyk

Anononous, 1975a en 1975b; Stirling, 1975; Joubert, 1975a en 1975b; en Holm, 1988). Kyk die uitspraak van D.M. Joubert (1976: 6) in 6.7, wat die reaksie van Suid-Afrikaanse wetenskaplikes goed tipeer.

25. Dit is nie duidelik of Zuckerman in staat was om Du Toit en Rousseau se biografieë, waarna hy verwys, in Afrikaans te lees nie. Zuckerman (1983: 461) maak immers melding van “English translations of relevant parts of Mr Rousseau’s biography” wat deur ene mev. Bessie Briers aan hom verskaf is. Volgens Zuckerman was mev. Briers van Pretoria “a librarian whose suspicions had been aroused by certain oddities in the Marais story and in Mr Ardrey’s eulogies”. (Presies wat hierdie “oddities” was, word nie deur Zuckerman vermeld nie.) Te oordeel aan die foute wat Zuckerman maak in verband met onder meer Marais se geboortedatum as “1872” (p. 460), die tipering van Alec Austin as “a field naturalist and comparative anatomist of distinction” (p. 461) en dat Marais na sy terugkeer na Pretoria van tyd tot tyd “revisited the Waterberg district” (p. 462) klop nie met die inligting in Rousseau se werk nie. Aldrie hierdie vergissings by Zuckerman is die onderwerp van pertinente bespreking in Rousseau (1984c) se biografie oor Marais. Die foutiewe geboortedatum het Zuckerman waarskynlik uit Eugène Marais jr. se “Introduction” tot *The soul of the white ant* (1937: i) gekry.
26. Ek het geen rede om Zuckerman se oordeel ten opsigte van veral die agt foutiewe beweringe in twyfel te trek nie.
27. Dit is waarskynlik uitsprake soos hierdie van Ardrey wat Zuckerman so heftig laat reageer het.
28. Dit is te betwyfel of daar genoeg konkrete getuienis bestaan om sodanige aannames te regverdig.
29. In 1971 lewer Anton Rupert (1971) ’n pleidooi dat die eerste leerstoel in natuurbewaring in Suid-Afrika aan die Universiteit van Pretoria na Marais vernoem moet word en nie na homself nie.
30. Die annotering van ’n teks bevestig die status van so ’n teks, maar bevestig ook dat daar sekere “onduidelikhede” is. Vir die lesers van Marais se nieliterêre werk kan so ’n

geannoteerde werk van groot waarde wees. Dit kan ook daartoe bydra om baie van die onsekerhede van letterkundiges oor die waarde van Marais se wetenskaplike werk uit die weg te ruim.

31. Byvoorbeeld ten gunste van die Afrikaner en die Afrikaanse taal?
32. Rousseau verwys in *Eugène Marais and the Darwin syndrome/Die dowwe spoor van Eugène Marais* (1998) glad nie na Henzi se geannoteerde uitgawe van *The soul of the ape* van 1990 nie.
33. 'n Voorbeeld hiervan is die klassifikasie van *Burgers van die berge* en die Engelse vertaling, *My friends the baboons*, deur die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria. Sowel die Afrikaanse as die Engelse uitgawe kan tussen sowel die letterkundige as die dierkundige publikasies gevind word. Volgens me. Rita Badenhorst van die Akademiese Inligtingsdiens dui dit onder meer op die rol wat subjektiwiteit in die klassifikasie van boeke van dié aard speel. Sienings oor die klassifikasie van boeke kan ook met verloop van tyd verander.